

## HOOFSTUK 6

### DIE AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE AAN DIE PU VIR CHO VIR DIE TYDPERK 1966 TOT 1975 EN 'n ONDERSOEK NA FAKTORE WAT DIT KAN BEINVLOED

#### 6.1 INLEIDING

Aangesien daar aan Suid-Afrikaanse universiteite meer studente in hul eerste studiejaar druipe as in al die ander studiejare gesamentlik (vgl. tabel 3.8), spreek dit vanself dat redes vir swak akademiese produktiwiteit van universiteite veral in die eerste studiejaar gesoek moet word. In hierdie hoofstuk word die akademiese prestasies\* van eerstejaarstudente aan die PU vir CHO en faktore wat dit kan beïnvloed, in oënskoue geneem.

Die omvang van staking van studie vóór die einde van die akademiese jaar word eerstens in hierdie hoofstuk onder oë geneem.

Die akademiese prestasies van eerstejaarstudente aan die PU vir CHO vir die tydperk 1966 tot 1975 word vervolgens ontleed sodat die bydrae daarvan tot die algemene voorgraadse akademiese produktiwiteit van die PU vir CHO vasgestel kan word.

Gedurende 1976 is spesiale pogings ter verbetering van akademiese prestasies van eerstejaarstudente aan die PU vir CHO aangewend. Om vas te stel of hierdie pogings enigszins die akademiese prestasies van eerstejaarstudente beïnvloed het, word die akademiese prestasies van eerstejaarstudente van 1976 met dié van vorige jare vergelyk.

Ná die ontleding van akademiese prestasies van eerstejaarstudente sal geprobeer word om faktore te identifiseer wat dit kan beïnvloed. Met die oog hierop word eerstens die responsies van eerstejaarstudente en tweedens dié van dosente op vraelyste in dié

\* Met akademiese prestasies van eerstejaarstudente word in hierdie hoofstuk bedoel dié persentasie studente wat in die eerste studiejaar slaag en derhalwe tot die tweede studiejaar toegelaat word.

verband saamgevat en ontleed (vgl. 5.3 en 5.4).

## 6.2 DIE OMVANG VAN STAKING VAN STUDIE DEUR EERSTEJAARSTUDENTE

Die omvang van staking van studie deur voltydse eerstejaarstudente vir die tydperk 1966 tot 1975 blyk uit tabel 6.1, 6.2 en 6.3.

6.2.1 Die skynbaar groot persentasie kansellaries deur mans in die fakulteit Opvoedkunde kan toegeskryf word aan die geringe aantal eerstejaarmans in dié fakulteit tot en met 1971. Enkele kansellaries beïnvloed die persentasie ernstig. Dieselfde argument geld ten opsigte van dames in die fakulteit Regte en in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe.

6.2.2 Aangesien daar betreklik min mans en dames is wat nie in die koshuise inwoon nie, kom daar om dieselfde rede as hierbo groot fluktuasies in die kolom vir nie-koshuisinwoners voor.

6.2.3 Uit tabel 6.1 blyk dat 'n hoër persentasie manseerstejaarstudente (globaal genome) as dameseerstejaarstudente hul kursus vóór 10 Junie\* kanselleer.

6.2.4 Die hoogste gemiddelde persentasie kansellaries vóór 10 Junie kom voor onder mans in die fakulteit Opvoedkunde en die laagste persentasie kansellaries kom voor onder dames in die fakulteit Natuurwetenskappe.

---

\* Die aantal studente wat op die tweede Dinsdag in Junie van elke jaar, hierna gerieflikheidshalwe 10 Junie genoem, aan 'n universiteit ingeskryf is, is bepalend vir die subsidie wat aan die universiteit betaal word.

TABEL 6.1  
 HUISGEBRUIKSLAASIE DEUR KERSKINGE KERSKINGE KERSKINGE VOOR 10 JARE VAN ELKE JAAR

Jaar	Opvoedings			Lektore en bylesse			Ekonomiese Wetenskappe			Repte			Rekursiewetenskappe		
	Manne	W'2)	T	Manne	W'2)	T	Manne	W'2)	T	Manne	W'2)	T	Manne	W'2)	T
1966	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
1967	0,0	-	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
1968	0,0	-	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
1969	33,3	50,0	40,0	10,7	0,0	14,3	5,1	0,0	3,0	2,6	5,5	2,9	2,5	22,2	6,2
1970	0,0	-	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
1971	10,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0	0,0
1972	7,5	9,7	8,6	3,9	8,3	4,3	9,0	9,5	9,3	5,2	21,6	7,1	1,1	6,1	2,5
1973	4,4	33,3	13,3	2,2	12,5	3,1	7,0	2,3	6,5	1,4	18,6	3,5	2,4	8,0	3,7
1974	10,7	5,7	9,0	6,4	37,5	7,8	5,1	10,6	6,6	2,3	15,2	3,8	6,6	12,0	8,3
1975	12,5	15,8	13,2	0,7	0,0	0,6	2,0	10,7	3,0	2,5	3,7	2,7	0,9	8,6	2,7

\* Slope persentasies word vertrek. Alle gegewens in hierdie en in al die volgende tabelle in hierdie hoofstuk tot tabel 6.19 is van die empiriese rekordkante van studente verkry. Die keurte is altesamen individueel meegedeel. Die rowe punte is by skryfwerk beskikbaar. Die volgende tabelle geld vir alle tabelle in hierdie hoofstuk:

- 1) K - Kwalifikasies
- 2) W - Wiskundelike
- 3) T - Totale

TABEL 6.2

KORFUUKANSKELLASIE DEUR KERSTELJAARS (HEKLUYDS) NA 10 JUNIE VAN ELKE JAAR

Jaar	Opvoedkunde						Lettere en Wysbegeerte						Ekonomiese Wetenskappe						Regte						Natuurwetenskappe							
	Mans			Dames			Mans			Dames			Mans			Dames			Mans			Dames			Mans			Dames				
	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H	T	K	H
1966	-	-	-	17,1	0,0	15,8	8,9	3,8	7,6	3,1	15,4	4,2	7,1	34,6	15,9	0,0	-	0,0	9,0	16,7	11,8	0,0	100,0	50,0	5,9	20,0	9,9	6,7	0,0	6,1		
1967	-	-	-	0,0	0,0	0,0	5,9	33,3	8,5	3,7	8,3	4,0	5,7	14,3	9,1	12,5	-	12,5	0,0	0,0	0,0	0,0	100,0	25,0	6,2	8,8	6,8	1,4	-	1,4		
1968	75,0	0,0	60,0	-13,8	0,0	11,9	6,2	4,8	5,8	6,6	6,7	6,6	11,2	10,0	10,9	0,0	0,0	0,0	0,8	4,2	1,6	0,0	0,0	0,0	8,7	7,0	8,3	6,0	0,0	5,6		
1969	33,3	0,0	20,0	3,6	0,0	3,2	9,1	7,1	8,6	4,7	11,8	5,3	3,8	22,2	7,2	7,7	50,0	10,7	7,9	6,7	7,5	0,0	-	0,0	12,8	15,1	13,3	3,3	0,0	3,1		
1970	0,0	0,0	0,0	12,8	0,0	12,5	7,4	17,9	9,8	5,2	9,1	5,4	3,6	21,0	6,9	0,0	0,0	0,0	2,9	8,0	5,7	0,0	0,0	0,0	4,9	4,8	4,8	2,6	-	2,6		
1971	10,0	100,0	18,2	4,5	50,0	5,6	13,8	13,0	13,7	5,8	13,3	6,2	14,5	23,5	16,2	4,9	0,0	4,0	3,6	15,4	5,8	0,0	33,3	11,1	7,1	16,0	8,8	9,3	0,0	9,2		
1972	7,5	4,8	6,2	5,9	0,0	5,5	5,0	11,1	7,4	2,1	5,4	2,5	5,6	18,2	9,0	0,0	0,0	0,0	10,5	11,1	10,8	0,0	-	0,0	2,4	17,1	6,7	5,9	0,0	5,7		
1973	9,8	0,0	7,6	6,7	0,0	6,1	7,1	6,9	7,9	4,5	2,0	4,2	6,0	0,0	4,6	12,2	0,0	11,8	10,1	6,3	9,3	11,1	0,0	9,1	7,4	11,5	8,3	3,4	0,0	3,3		
1974	4,6	17,1	9,0	5,8	12,5	6,1	11,2	10,6	11,0	7,7	26,1	9,9	6,6	12,8	8,3	2,1	0,0	3,8	10,9	11,4	11,1	0,0	0,0	0,0	7,5	8,2	7,8	3,2	14,3	3,8		
1975	6,3	5,2	6,0	4,4	16,6	4,6	2,8	3,5	3,4	3,4	5,7	3,7	0,0	11,4	2,7	0,0	0,0	0,0	10,1	14,3	11,1	0,0	33,3	5,9	5,2	6,8	5,7	2,4	0,0	2,3		

Die volgende blyk uit tabel 6.2:

6.2.5 Die opmerkings wat onder 6.2.1 en 6.2.2 gemaak is, geld ipso facto, ook vir die gegewens wat in hierdie tabel vervat is.

6.2.6 Dit blyk dat 'n hoër persentasie manseerstejaarstudente as damestudente studie ná 10 Junie staak. Dit geld, op 'n paar uitsonderings na, vir elke jaar, in elke fakulteit.

6.2.7 Ongeveer dieselfde persentasie mans kanselleer in die verskillende fakulteite ná 10 Junie. Die laagste persentasie kanselleries kom onder die dames van die fakulteit Natuurwetenskappe voor.

6.2.8 Dit blyk dat daar persentasiegewyse meer kursuskanselleries ná as vóór 10 Junie oor 'n tydperk van tien jaar plaasgevind het. Vermoedelik hou dit verband met die bekendmaking van halfjaarsyfers.

TABEL 6.3

SAMEVATTING VAN JAARLIKSE KURSUSKANSELLASIE, 1966 - 1975

Jaar	Persentasie dames wat kanselleer	Persentasie mans wat kanselleer	Persentasie eerstejaarstudente wat kanselleer
1966	9,8	14,6	12,6
1967	6,8	12,5	9,8
1968	11,0	12,0	11,5
1969	7,6	15,1	11,7
1970	6,8	11,7	9,3
1971	7,8	14,3	10,8
1972	9,0	14,6	11,4
1973	9,4	13,0	10,2
1974	12,2	17,3	14,7
1975	6,1	10,7	8,3
Gem.	8,6	13,9	11,2

Dit is uit tabel 6.3 duidelik dat:

6.2.9 'n aanmerklike hoër persentasie mans- as dameseerstejaars hul studies in die loop van die jaar staak;

6.2.10 daar oor die tydperk van tien jaar weinig noemenswaardige afwykings van die gemiddelde persentasie staking (11,1) was en

6.2.11 die laagste persentasie stakings in 1975 voorgekom het en die hoogste in 1974.

6.2.12 Die verskynsel dat damestudente aan Suid-Afrikaanse universiteite in die algemeen akademies beter presteer as manstudente (vgl. 4.4.2) openbaar hom blykbaar aan die PU vir CHO reeds in die persentasie manstudente en damestudente wat gedurende hul eerste studiejaar kursusse kanselleer.

### 6.3 AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE

6.3.1 Daar is minstens drie verskillende wyses waarop die persentasie studente wat slaag, bereken kan word, naamlik die persentasie wat die eksamen geskryf het en wat slaag, die persentasie wat op 10 Junie (benaderde subsidiedatum) ingeskryf was wat in die eksamen slaag en die persentasie wat oorspronklik (voor of op 31 Maart) ingeskryf was en wat slaag. Om enige moontlike wanvertolkings te voorkom, word tabel 6.4 tot 6.6 voorsien waarin elkeen van hierdie berekeningswyses toegepas is.

6.3.2 Aangesien dit in sommige kringe die gewoonte is om eerder volgens die persentasie studente wat sak, te dink, word gerieflikheidshalwe ook die sakpersentasies in tabel 6.7 verstrek.

6.3.2.1 Ten einde 'n samehangende en volledige oorsig van die stand van akademiese prestasies van eerstejaars te verstrek, moet tabel 6.4 tot 6.10 as 'n eenheid oorsien word en wel teen die agtergrond van die afleidings wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk uit tabelle gemaak is.

'n Ontleding van tabel 6.4 tot 6.10 dui op die volgende.

TABEL 6.4

DIE PERSENTASIE KERSTELJAARSTOEWTE WET AAN DIE KENNEM DEELGEMEN WET EN WET SLANG

Jaar	Opvoedkunde				Lettere en Wysbegeerte				Ekonomiese Wetenskappe				Regte				Natuurwetenskappe				Totaal	
	Mans		Dames		Mans		Dames		Mans		Dames		Mans		Dames		Mans		Dames		Mans en Dames	
	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H
1966	100,0	-	65,5	66,7	87,1	91,7	96,6	98,9	89,6	85,6	93,3	-	80,0	88,0	100,0	-	55,9	43,3	77,8	33,3	80,9	78,4
1967	66,7	-	92,1	33,3	83,6	80,0	92,0	90,9	87,2	86,7	84,6	-	69,0	80,0	100,0	-	57,8	69,2	75,8	50,0	80,1	75,7
1968	0,0	-	57,1	48,0	86,4	75,0	90,9	91,7	85,2	87,5	87,5	100,0	76,3	91,3	100,0	100,0	94,1	64,7	90,5	75,0	78,1	78,2
1969	0,0	100,0	66,7	100,0	78,8	84,6	85,4	100,0	83,8	90,0	91,7	0,0	69,7	84,6	100,0	-	59,2	65,4	73,6	75,0	76,9	81,6
1970	75,0	0,0	73,5	100,0	75,6	90,5	84,1	80,9	83,8	69,2	95,5	100,0	79,4	100,0	100,0	-	56,0	47,4	73,4	100,0	76,5	77,1
1971	62,5	-	66,7	100,0	67,5	94,7	96,7	84,6	84,4	66,7	86,5	100,0	72,2	81,8	83,3	100,0	57,1	65,0	82,3	75,0	76,8	79,5
1972	79,4	71,4	88,3	72,1	70,6	80,0	85,1	78,4	79,5	68,0	90,3	50,0	66,7	63,6	83,3	-	58,7	55,6	78,2	75,0	79,7	70,0
1973	61,2	56,3	87,2	71,4	69,1	74,4	77,5	82,1	73,7	56,5	71,4	100,0	56,6	78,6	50,0	100,0	52,9	40,9	71,8	100,0	72,7	68,8
1974	63,6	59,3	80,0	75,0	66,4	71,1	81,2	44,5	70,5	82,9	91,1	33,3	39,6	55,2	50,0	50,0	57,0	52,0	72,6	83,3	72,5	62,1
1975	71,2	66,7	88,3	100,0	68,6	83,3	80,1	79,2	71,1	75,0	82,1	100,0	61,0	52,9	61,5	100,0	51,5	66,0	73,3	50,0	73,6	72,7

TABEL 6.5

DIE PERSENTASIE EERSTEAARSTUDENTE WAT OP 10 JUNIE INGESKRYF WAS EN WAT SLAG

Jaar	Opvoedkunde				Lettere en Wysbegeerte				Ekonomiese Wetenskappe				Regte				Natuurwetenskappe				Totaal	
	Mans		Dames		Mans		Dames		Mans		Dames		Mans		Dames		Mans		Dames		Mans en Dames	
	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H	K	H
1966	100,0	-	54,3	66,7	79,2	88,0	93,5	76,9	82,7	48,0	93,3	-	72,7	66,7	100,0	0,0	52,5	34,2	72,4	33,3	75,4	57,0
1967	66,7	-	92,1	33,3	78,6	50,0	88,5	83,3	82,0	72,2	73,3	-	69,0	80,0	100,0	0,0	54,1	62,1	74,0	50,0	76,7	65,9
1968	0,0	-	48,5	40,0	81,0	71,4	84,7	84,6	75,4	77,8	87,5	100,0	76,3	87,5	100,0	100,0	49,1	59,5	75,6	75,0	72,0	73,5
1969	-	100,0	64,0	100,0	71,2	78,6	81,3	87,5	80,5	64,3	84,6	0,0	63,9	78,6	100,0	-	51,3	54,8	71,1	75,0	71,5	70,8
1970	75,0	0,0	64,1	100,0	70,0	73,1	79,6	80,0	80,5	52,9	95,5	100,0	77,1	88,2	100,0	0,0	53,0	30,0	71,4	100,0	72,6	66,7
1971	55,6	0,0	63,6	50,0	58,1	81,8	81,7	73,3	72,0	50,0	86,5	100,0	69,6	69,2	83,3	66,7	52,8	54,2	74,5	75,0	70,6	65,3
1972	73,0	67,6	82,9	72,7	66,7	70,2	83,2	65,5	75,0	54,8	90,3	50,0	59,5	56,0	83,3	-	57,1	45,5	73,5	75,0	76,1	62,0
1973	54,7	56,3	81,3	71,4	63,8	69,0	75,9	80,0	67,1	56,5	71,4	100,0	50,8	73,3	44,4	66,7	48,9	36,0	69,3	100,0	67,9	65,7
1974	60,3	48,5	75,0	60,0	58,6	62,7	74,8	30,7	65,5	70,7	93,2	33,3	35,2	48,5	50,0	50,0	52,1	74,3	70,2	83,3	67,1	52,7
1975	66,1	62,5	84,3	83,3	66,2	80,0	77,3	74,5	71,1	65,6	82,1	100,0	54,5	45,0	61,5	66,7	48,6	61,4	71,4	50,0	70,8	66,7

6.3.2.2 Die studente wat werklik tot die eksamen deurdring (tabel 6.4), dit wil sê diegene wat nie hul kursus gekanselleer het nie en wat tot die eksamen toegelaat is, kan as 'n redelik geselekteerde groep beskou word, aangesien daar reeds (tabel 6.3) 'n sifting van bykans 11% plaasgevind het. Hierdie geselekteerde groep se persentasie eksamensukses bly redelik konstant in die omgewing van 75%. Dit val egter op, dat daar sedert 1970 'n besliste afwaartse neiging is. Veral in 1972, 1973 en in 'n geringer mate 1975 was daar 'n dalende tendens in eksamensuksesse. Dit val ook op dat dames feitlik deurgaans 'n hoër persentasie eksamensukses as mans behaal en dat kosgangerdames blykbaar meer eksamensukses behaal as nie-kosgangerdames (vgl. tabel 6.10). By die mans is daar weinig verskil, indien enige, ten opsigte van hierdie aspek.

6.3.2.3 Tabel 6.5 vat die eksamenprestasies saam van studente wat tot op die subsidiedatum (ongeveer 10 Junie) deurgedring het. Tot op hierdie datum het 'n aantal studente reeds hul studies gestaak (tabel 6.1). Die globale persentasie van hierdie studente wat wel in die eksamen slaag, is opvallend laer as vir die groep wat hierbo bespreek is, naamlik sowat 70%. Wat hier veral opval is die aanmerklike verskil in eksamensukses by kosgangers en nie-kosgangers in die guns van eersgenoemde. Hierdie verskil word grootliks veroorsaak deur die aanmerklik groter persentasie eksamensukses by dameskosgangers. Ook hier is daar 'n opvallend hoër persentasie eksamensukses by dames as by mans. In die fakulteit Lettere en Wysbegeerte is daar ook 'n duidelike tendens dat mans wat nie koshuise bewoon nie 'n hoër persentasie eksamensukses as kosgangers behaal.

6.3.2.4 Tabel 6.6 sluit alle eerstejaarstudente in wat in die begin van die akademiese jaar (tot en met 31 Maart) geregistreer het. Dit wil sê alle studente wat later kursus gekanselleer het en wat nie tot die eksamen toegelaat is nie plus diegene wat werklik eksamen geskryf het. Vanselfsprekend is die persentasie eksamensukses hier veel laer, aangesien studente wat kursus in die loop van die jaar staak en wat nie tot die eksamen toegelaat word nie nou outomaties as druipepinge geklassifiseer word. Nou val

die groot verskil in eksamensukses van kosgangers en nie-kosgangers besonder sterk op (vgl. die laaste kolom) asook die groter persentasie eksamensukses van dameskosgangers bo dames-nie-kosgangers. Ook hier val die insinking van die tydperk 1973 en 1974 op, asook die aanmerklike mate van verbetering van 1975.

6.3.2.5 Tabel 6.7 dui slegs vir die gerief van die leser die persentasies aan van studente wat aan die eksamen deelgeneem het en wat gedruip het.

6.3.2.6 Tabel 6.8 bevat fakulteitsgewys 'n ontleding van eksamensukses van alle studente gesamentlik. Vir hierdie doel is die sukses al dan nie sowel as die uitsakking deur kursuskansellering en nie-toelating tot die eksamen van alle studente wat oorspronklik ingeskryf het (voor of op 31 Maart), saamgevat.

6.3.2.7 Dit blyk uit tabel 6.8 dat daar in die afgelope dekade 67% van alle eerstejaars wat oorspronklik ingeskryf het, in die eksamen geslaag het. Hierteenoor het 11,2% hul studies voor die eksamen gestaak (tabel 6.3) en het die orige 21,9% in die eksamen gesak. Soos reeds hoër op aangedui is en soos bevestig word deur die gegewens wat in tabel 6.11 verstrekk word, presteer die dames verreweg beter as die mans sowel wat groter eksamensukses as wat laer kursuskanselleringpersentasie betref. Die werklike gemiddelde driipsyfer in die eksamen was vir dames naamlik 16,1% teenoor 26,8% vir mans en die kursuskanselleringpersentasie was vir dames 8,3% teenoor 14,1% vir mans. Van al die dameseerstejaars wat in die afgelope dekade as studente geregistreer het, het 74,4% geslaag teenoor slegs 59,2% mans.

6.3.2.8 'n Belangrike verskynsel wat deur tabel 6.8 na vore kom, is die groot fluktuasies in die persentasies eksamensukses wat van jaar tot jaar in elke fakulteit en in die universiteit as geheel plaasvind. So byvoorbeeld is die hoogste slaagpersentasie in 1967 behaal (71,7% volgens tabel 6.8) en was die laagste slaagpersentasie in 1974 (60,2%). In die orige jare het die slaagpersentasie tussen hierdie twee uiterstes gefluktueer.

TAAL 6.6  
 DIE PERSOONLIEKE INBESTANDSDEKING VAN OORSPRONKELIK (VOOR OF OP 31 MAART) INBESTEERT MET HET EILAND

Jaar	Oorspronklike		Lektore en Wybesoekers				Ekonomiese Wetenskappe				Regtes				Natuurwetenskappe				Totaal			
	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans en Dames	Mans				
1966	100,0	-	54,3	66,7	77,2	84,6	89,1	76,9	76,8	46,2	87,5	-	72,7	66,7	100,0	0,0	51,5	32,5	70,0	33,3	72,9	54,3
1967	50,0	-	87,5	33,3	77,6	44,4	83,2	83,3	77,4	61,9	60,8	-	62,5	80,0	100,0	0,0	52,2	52,9	74,0	40,0	50,9	50,9
1968	0,0	-	55,6	33,3	78,5	71,6	73,3	73,2	73,2	70,0	87,5	58,0	74,4	87,5	100,0	100,0	47,8	51,2	74,7	50,0	69,8	65,0
1969	0,0	50,0	70,0	100,0	66,5	78,6	78,2	82,4	78,5	50,0	84,6	0,0	60,5	73,3	100,0	-	49,6	51,5	69,6	75,0	69,1	65,6
1970	75,0	0,0	64,1	100,0	68,4	67,9	78,7	72,7	74,7	47,4	95,6	100,0	77,1	83,3	100,0	0,0	50,0	42,8	70,2	100,0	70,6	61,5
1971	50,0	0,0	62,7	50,0	57,4	78,3	81,3	73,3	71,1	44,4	78,0	100,0	69,6	69,2	83,3	66,7	50,0	52,0	73,9	75,0	69,4	63,5
1972	67,5	60,9	79,6	66,7	60,6	63,5	78,9	51,3	74,2	51,5	84,8	33,3	57,9	51,9	83,3	-	52,3	42,9	72,3	75,0	72,4	55,7
1973	50,6	37,5	79,4	62,5	58,9	67,6	73,9	65,3	67,5	52,0	69,6	100,0	50,8	48,8	44,4	66,7	47,9	34,6	68,5	100,0	65,0	58,0
1974	53,8	45,7	70,2	37,5	55,6	58,0	73,1	26,1	61,2	61,7	85,4	25,0	34,5	45,7	46,2	50,0	46,2	42,6	68,0	71,4	63,6	46,9
1975	57,8	52,6	83,7	83,3	63,9	71,4	75,3	71,7	70,4	60,0	79,3	100,0	52,2	42,9	57,1	66,7	45,2	59,3	68,5	50,0	67,7	62,6

TABLE 6.7  
 PERSONNEL ESTABLISHMENTS NOT AMONG THE REGULAR ESTABLISHMENTS WITH IN NET GNP

Year	Opceokunda				Letare na Nyabogaite				Koonolase Netanage				Boite				Nakuteenakage				Total			
	M	X	M	X	M	X	M	X	M	X	M	X	M	X	M	X	M	X	M	X	M	X		
1966	0.0	33.3	-	-	100.0	100.0	0.0	0.0	100.0	100.0	0.0	0.0	20.0	20.0	0.0	0.0	44.1	56.7	34.0	48.5	50.0	0.0	19.1	29.6
1967	33.3	33.3	-	-	100.0	100.0	0.0	0.0	100.0	100.0	0.0	0.0	20.0	20.0	0.0	0.0	42.2	30.8	34.0	44.1	50.0	0.0	19.9	24.3
1968	100.0	42.9	-	-	100.0	100.0	0.0	0.0	100.0	100.0	0.0	0.0	20.0	20.0	0.0	0.0	45.9	35.3	34.0	44.1	50.0	0.0	21.9	21.8
1969	100.0	0.0	-	-	100.0	100.0	0.0	0.0	100.0	100.0	0.0	0.0	20.0	20.0	0.0	0.0	40.8	34.6	34.0	44.1	50.0	0.0	23.1	18.4
1970	25.0	25.0	-	-	100.0	100.0	0.0	0.0	100.0	100.0	0.0	0.0	20.0	20.0	0.0	0.0	44.0	32.6	34.0	44.1	50.0	0.0	23.5	22.9
1971	37.5	28.6	-	-	100.0	100.0	0.0	0.0	100.0	100.0	0.0	0.0	20.0	20.0	0.0	0.0	42.9	35.0	34.0	44.1	50.0	0.0	20.5	20.5
1972	20.6	28.6	11.7	27.3	29.4	27.3	20.0	20.0	20.5	29.6	14.9	14.9	20.0	20.0	0.0	0.0	41.3	44.4	34.0	44.1	50.0	0.0	30.0	30.0
1973	38.8	43.7	12.8	28.6	30.8	28.6	20.0	20.0	20.5	29.6	14.9	14.9	20.0	20.0	0.0	0.0	41.3	44.4	34.0	44.1	50.0	0.0	27.9	27.9
1974	36.4	40.7	20.0	25.0	33.6	28.8	20.0	20.0	29.5	29.5	17.1	17.1	20.0	20.0	0.0	0.0	43.0	48.0	34.0	48.5	50.0	0.0	27.5	27.5
1975	28.8	33.3	11.7	11.7	31.4	16.7	19.9	20.8	20.8	17.9	17.9	17.9	20.8	20.8	0.0	0.0	48.5	56.7	34.0	48.5	50.0	0.0	26.4	27.3

TABEL 6.8

h VERGELYKING FAKULTEITSGEWYS VAN SLAAG-, SAK- EN KANSELLERINGS-PERSENTASIES VAN ALLE STUDENTE GESAMENTLIK WAT VOOR OF OP 31 MAART INGESKRYF HET

	SLAAG						DRUIP IN EKSAMEN						GEKANSELLEER						
	Opvoedkun= de	Regte	Nw. 1)	L. & W. 2)	E.W. 3)	Totaal	Opvoedkun= de	Regte	Nw. 1)	L. & W. 2)	E.W. 3)	Totaal	Opvoedkun= de	Regte	Nw. 1)	L. & W. 2)	E.W. 3)	Totaal	
1966	57,5	69,4	52,7	84,2	70,4	69,1	27,5	16,7	35,7	6,5	8,2	18,3	15,0	13,9	11,6	9,3	21,4	12,6	
1967	80,9	67,4	58,8	79,9	72,2	71,7	12,8	23,9	31,7	9,9	11,1	18,5	6,4	8,7	9,5	8,4	16,7	9,8	
1968	39,1	80,6	56,7	79,8	74,8	69,1	34,8	16,4	31,1	10,1	11,8	19,4	26,1	3,0	12,2	10,1	13,4	11,5	
1969	55,6	66,1	57,7	76,4	74,4	68,5	25,0	21,4	29,7	14,0	12,8	19,8	19,4	12,5	12,6	9,6	12,8	11,7	
1970	63,0	79,3	58,7	74,7	74,4	69,5	26,1	12,1	33,6	15,9	13,6	21,2	10,9	8,6	7,7	9,3	12,0	9,3	
1971	60,0	70,5	60,9	74,8	70,4	68,7	30,0	23,1	27,0	15,8	14,1	20,5	10,0	6,4	12,1	9,4	15,5	10,8	
1972	73,9	57,7	61,2	71,1	70,9	68,9	14,7	28,2	28,1	17,0	18,4	19,6	11,4	14,1	10,7	11,9	10,7	11,4	
1973	67,4	54,7	55,7	68,5	63,4	64,8	19,3	34,9	36,3	22,0	26,8	25,0	13,3	16,4	8,0	9,5	9,8	10,2	
1974	62,4	40,0	55,2	63,1	65,9	60,2	22,2	46,7	31,4	21,8	19,1	25,0	15,4	13,3	13,4	15,1	15,0	14,6	
1975	73,7	51,4	57,6	72,0	70,2	67,3	15,6	33,6	33,1	21,2	24,9	24,3	10,7	15,0	9,3	6,8	4,9	8,4	
Gem.	63,3	63,7	57,5	73,5	70,7	66,9													13,58
														14,34	14,76	12,24	10,54		

1) Nw. - Natuurwetenskappe

2) L. & W. - Lettere en Wysbegeerte

3) E.W. - Ekonomiese Wetenskappe

Waar die universiteit met 'n betreklike groot eerstejaarspopulasie afkomstig uit talle sekondêre skole vanuit die hele Republiek werk, is dit statisties gesproke onwaarskynlik dat die potensiaal van hierdie studente van jaar tot jaar groot afwykings sal vertoon. Daar moet aanvaar word dat die potensiaal van die verskillende jaargroepe redelik eenders sal wees.

As daar in hierdie verband gelet word op tabel 6.11 blyk dit dat fluktuasies in eksamenprestasies by dames ewe groot is (tussen 80,7% in 1967 en 68,4% in 1974) as by mans (tussen 64% in 1967 en 52% in 1974) en dat daar 'n besliste positiewe korrelasie tussen hierdie fluktuasies is ( $r = 0,8$ ).

Word die slaagpersentasies in die verskillende fakulteite van nader beskou, dan word hierdie fluktuasies geaksentueer: Opvoedkunde (in die statisties betekenisvolle tydperk vanaf 1972), tussen 62,4% en 73,9%; Regte, tussen 80,6% en 40%; Natuurwetenskappe, tussen 61,2% en 52,7%; Lettere en Wysbegeerte, tussen 84,2% en 63,1%; en Ekonomiese Wetenskappe, tussen 74,8% en 63,4%.

TABEL 6.9

VERGELYKING VAN DIE SLAAG-, SAK- EN KANSELLERINGSPERSENTASIES VAN EERSTEJAARMANSKOSGANGERS EN -NIE-KOSGANGERS WAT VOOR OF OP 31 MAART INGESKRYF HET

Jaar	Slaag		Sak		Kanselleries	
	K	N	K	N	K	N
1966	66,9	52,9	22,7	22,1	10,4	25,0
1967	65,5	58,1	25,1	24,6	9,4	17,3
1968	62,1	67,5	26,5	18,8	11,4	13,7
1969	64,3	62,5	22,3	16,7	13,4	20,8
1970	62,6	59,0	28,0	20,6	9,4	20,4
1971	59,8	60,8	27,6	17,7	12,6	21,5
1972	55,7	55,8	32,9	24,1	11,4	20,5
1973	55,7	53,0	31,9	32,1	12,4	14,9
1974	52,6	50,8	31,8	28,3	15,6	20,9
1975	58,8	58,6	32,0	26,0	9,2	15,4
Gem.	60,2	56,9	28,1	23,7	11,7	19,4

TABEL 6.10

VERGELYKING VAN DIE SLAAG-, SAK- EN KANSELLERINGSPERSENTASIES VAN EERSTEJAARDAMESKOSGANGERS EN -NIE-KOSGANGERS WAT VOOR OF OP 31 MAART INGESKRYF HET

Jaar	Slaag		Sak		Kansellاسies	
	K	N	K	N	K	N
1966	78,6	60,9	11,1	26,1	10,3	13,0
1967	82,1	61,9	11,7	23,8	6,2	14,3
1968	76,6	60,0	13,5	16,7	9,9	23,3
1969	75,4	76,9	17,3	7,7	7,3	15,4
1970	75,0	77,0	17,0	6,2	6,4	18,8
					7,4	16,7
1972	78,1	55,4	14,1	23,2	7,8	21,4
1973	73,1	67,6	19,8	15,5	7,1	16,9
1974	71,8	32,8	18,4	29,9	9,8	37,3
1975	75,6	72,1	18,6	17,6	5,8	10,3
Gem.	75,6	61,7	16,7	18,9	7,7	19,4

TABEL 6.11

VERGELYKING VAN DIE SAK-, SLAAG- EN KANSELLERINGSPERSENTASIES VAN ALLE MANS- EN DAMESEERSTEJAARSTUDENTE WAT VOOR OF OP 31 MAART INGESKRYF HET

Jaar	Sak in eksamen		Kansellاسies		Slaag	
	M	D	M	D	M	D
1966	22,5	12,5	14,6	9,8	62,9	77,7
1967	23,5	12,5	12,5	6,8	64,0	80,7
1968	24,2	13,7	12,0	11,0	63,8	75,3
1969	22,7	16,7	15,1	7,6	62,2	75,4
1970	25,1	17,4	11,7	6,8	63,2	75,8
1971	25,0	15,8	14,3	7,8	58,0	76,4
1972	25,3	13,6	14,6	9,0	60,1	77,4
1973	31,9	19,4	13,0	9,4	55,1	72,6
1974	30,7	19,4	17,3	12,2	52,0	68,4
1975	30,5	19,6	10,7	6,1	58,8	74,2
Gem.	26,8	17,0	13,9	8,6	59,2	74,4

TABEL 6.12

SLAAG- EN KANSELLASIEPERSENTASIE PLUS DRUIPPERSENTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE WAT OP OF VOOR 31 MAART INGESKRYF HET

Jaar	Slaagpersentasie	Druip- plus kanselleringpersentasie
1966	69,1	30,9
1967	71,7	28,3
1968	69,1	30,9
1969	68,5	31,5
1970	69,5	30,5
1971	68,7	31,3
1972	68,9	31,1
1973	64,8	35,2
1974	60,2	39,8
1975	66,9	30,1
Gem.	66,9	33,1

Dit is nie die gemiddelde druipersentasie oor 'n aantal jare geneem wat lei tot kritiek teen die PU vir CHO en universiteite in die algemeen nie, maar hierdie periodieke laagtepunte wat van tyd tot tyd die publieke oog vang (vgl. tabelle 6.9 tot 6.12).

As dit s6 is dat die eerstejaarspopulasie van jaar tot jaar weinig in potensiaal verskil, dan moet gemelde fluktuasies deur faktore binne die universiteit veroorsaak word.

Dit val ook op dat hierdie fluktuasies in 'n baie groot mate gelyktydig oor al die fakulteite heen strek. Dit is derhalwe hoogs onwaarskynlik dat individuele dosente of departemente of fakulteite vir die fluktuasies verantwoordelik is. Hulle word waarskynlik teweeggebring deur globale faktore wat die hele universiteit raak.

6.3.2.9 Word tabel 6.11 ontleed, kom die verskil in eksamensukses van mans- en dameseerstejaars onmiddellik na vore. In elkeen van die tien jaar het die dames veel beter as die mans gevaar, trouens, oor die tien jaar het hulle gemiddeld 'n slaagsyfer van 15,2% hoër as mans behaal.

In hierdie verband is vroeër aangevoer dat die dames wat universiteit toe kom 'n beter geselekteerde groep as die mans is. Hierdie argument hou tans moeilik steek, aangesien die eerstejaardamespopulasie dié van die mans grootliks ingehaal en in sommige fakulteite verbygesteek het (vgl. die Verslae van die Rektor, PU vir CHO, vanaf 1972).

Daar word ook soms aangevoer dat die hoër persentasie eksamensukses van dames daaraan toegeskryf kan word dat hulle oorwegend in die geesteswetenskappe studeer. In die lig van tabel 6.13 hou hierdie argument nie steek nie, aangesien hulle die mans in al die fakulteite stof in die oë skop.

Daar moet onthou word dat dames en mans dieselfde sillabusse volg, dieselfde dosente het en dieselfde eksamen aflê. Hieruit blyk dit duidelik dat die grootste bydraende faktore vir lae slaagpersentasies aan hierdie universiteit in die manseerstejaarstudente self lê - of in faktore wat hulle hoofsaaklik beïnvloed.

6.3.2.10 Tabel 6.10 werp lig op 'n verdere belangrike verskynsel: dit blyk naamlik dat eerstejaardames wat nie in koshuise inwoon nie, feitlik deurgaans 'n laer slaagpersentasie het as dameskosgangers (61,7% gemiddeld teenoor 75,6%) en ook hul studies gedeeliker staak as kosgangers (19,4% teenoor 7,7%).

2.4.3.11 Tabel 6.9 toon dat ook manskosgangers met enkele fluktuasies oor die tien jaar meer eksamensukses behaal as nie-kosgangers (60,4% gemiddeld teenoor 56,9%) en dat minder kursuskansellasies by eersgenoemde voorkom (11,7% gemiddeld teenoor 19,4%).

Met die kontrole van die rekordkaarte van studente is aangeteken hoeveel eerstejaarstudente elke jaar ingeskryf het (vgl. tabel 6.14).

TABEL 6.13

## PERSENTASIE EERSTEJAARS WAT INGESKRYF HET EN WAT SLAAG

	Opvoedkunde		Lettere en Wysbegeerte		Ekonomiese Wetenskappe		Regte		Natuurwetenskappe	
	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames	Mans	Dames
1966	100,0	55,3	79,0	71,8	67,1	87,5	70,6	50,0	46,1	66,7
1967	50,0	83,7	74,5	85,1	73,0	68,7	66,7	75,0	52,4	71,6
1968	0,0	42,9	76,7	81,0	72,3	80,8	79,4	100,0	48,6	73,0
1969	20,0	61,3	70,5	79,4	73,2	78,6	64,2	100,0	50,0	69,8
1970	50,0	65,0	68,3	78,0	69,6	95,7	79,2	80,0	49,0	70,7
1971	45,5	62,3	61,5	80,9	68,1	78,5	69,6	77,8	50,4	73,9
1972	64,2	78,7	61,7	75,8	68,0	88,5	55,4	83,3	49,6	72,4
1973	47,6	77,7	60,9	72,0	63,9	61,8	54,7	54,5	45,0	69,6
1974	51,0	68,7	55,7	67,6	61,3	80,8	38,9	46,7	44,9	68,2
1975	56,6	83,7	65,1	74,9	68,0	80,6	50,0	58,8	50,0	68,5
Gem.	48,5	67,9	67,4	76,7	68,5	80,2	58,4	72,6	48,6	71,4

TABEL 6.14

VERGELYKING TUSSEN DIE GETAL EERSTEJAARSTUDENTE WAT JAARLIKS INSKRYF EN DIE PERSENTASIE WAT SLAAG\*

Jaar	Aantal eerstejaars	Slaagpersentasie
1966	628	69,1
1967	672	71,7
1968	806	69,1
1969	777	68,5
1970	852	69,5
1971	928	68,7
1972	1 204	68,9
1973	1 328	64,8
1974	1 542	60,2
1975	1 409	66,9

\* Vgl. tabel 6.12

Uit tabel 6.14 blyk dat die slaagpersentasie sedert 1971, toe die aantal inskrywings skerp begin styg het, betreklik laag was in vergelyking met vorige jare. By die berekening van die korrelasiekoëffisiënt (Best, 1977, p. 252) tussen die aantal eerstejaars en die slaagpersentasie is inderdaad 'n sterk negatiewe verband gevind, naamlik  $r = -0,83$ . Dit wil dus voorkom asof die akademiese sukses van eerstejaars afneem as die universiteit 'n vinnige groei in studentegetalle beleef. Dit is in ooreenstemming met die bevindings van Erens en Louw (1978, p. 23).

#### 6.4 DIE AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1976 AAN DIE PU VIR CHO

##### 6.4.1 INLEIDING

Op die inisiatief van die destydse rektor van die PU vir CHO, prof. H.J.J. Bingle, is daar gedurende die tweede helfte van 1976 'n spesiale poging aangewend om die akademiese prestasies van eerste-

jaarstudente te verbeter. Die rektor het samesprekings met die akademiese personeel in elke fakulteit afsonderlik gevoer. Op die samesprekings is moontlike oorsake van swak eerstejaarprestasie bespreek asook pogings wat aangewend kan word om die toestand te verbeter. Voortvloeiend uit die samesprekings is die volgende maatreëls getref om die eerstejaarslaagsyfer te verbeter:

1. Gedurende die Juliereses van 1976 is spesiale lesings vir eerstejaarstudente in sekere departemente aangebied. Vooraf is vasgestel of daar wel behoefte aan sodanige lesings in die betrokke vak is.
2. Aanvullende toetse is gereël vir studente wat pogings wou aanwend om hul jaarpunte te verbeter.
3. Aan akademiese personeel is toestemming verleen om in die loop van 1976 gratis kernaantekeninge aan eerstejaars te verskaf.
4. Doserende personeel is opgeskerp om besondere aandag aan eerstejaarstudente te skenken en in die klasse van eerstejaars moes gepoog word om leerstof op die mees doeltreffende en mees verstaanbare wyse aan te bied.

Ten einde bogenoemde spesiale veldtog te evalueer, is die slaagsyfer van 1976 se eerstejaarstudente met dié van vorige jare vergelyk.

Slegs heelydse eerstejaarstudente is by die ondersoek betrek. Gegewens is verkry deur die eksamenkommissiestate van die onderskeie fakulteite na te gaan. Uit hierdie state is die aantal eerstejaarkandidate verkry wat in elke studierigting geslaag of gedruip het. Deur hierdie syfers te vergelyk met die aantal eerstejaarstudente wat in aanmerking gekom het vir subsidie, dit wil sê die aantal wat op 10 Junie ingeskryf was, kon vasgestel word hoeveel studente sedert 10 Junie gekanselleer het.

Daar sal opgemerk word dat in die volgende tabelle onder 6.4 die

slaag-, druij- en kansellasielersentasies van eerstejaarstudente van 1976 vergelyk word met dié van die gemiddeldes van onderskeidelik die vorige vyf en tien jaar. Die rede hiervoor is dat die gemiddelde slaagsyfer vir die jare 1971 tot 1975 in die algemeen laer was as vir die tydperk 1966 tot 1970 (vgl. tabel 6.14).

#### 6.4.2 AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

Soos reeds vermeld, word daar in 6.4 slegs gewerk met die aantal studente wat op 10 Junie van elke jaar nog ingeskrewe studente was. Die slaagpersentasies dui dus op die persentasie studente wat op 10 Junie nog geregistreer was en wat in voldoende kursus=se geslaag het om tot die tweede studiejaar toegelaat te word. Hierdie gegewens kan dus nie sonder meer vergelyk word met die gegewens in 6.3, hierbo nie.

Uit tabel 6.15 blyk dit dat die manstudente in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte in 1976 2,4% beter geprester het as die gemiddelde vir die afgelope tien jaar en 6,7% beter ( $S = 4,25$ ) as die gemiddelde vir die onmiddellik voorafgaande vyf jaar. Die slaagpersentasie ten opsigte van manstudente wat op 10 Junie ingeskryf was, was die beste sedert 1969. 'n Laer persentasie mans=eerstejaarstudente as wat gewoonlik die geval is, het ook in 1976 ná 10 Junie gekanselleer.

Wat die damestudente betref, is die teenoorgestelde waar. 'n Klein=er persentasie damestudente as gewoonlik het geslaag terwyl 'n groter persentasie as gewoonlik hul studies ná 10 Junie gestaak het.

As 1976 se uitslae vergelyk word met dié van die vorige vyf jaar blyk dit dat dié betrokke fakulteit se eerstejaars in 1976 in die algemeen 0,8% ( $S = 3,87$ ) beter geprester het as die gemiddelde oor die vorige vyf jaar. Die algemene verbetering is te danke aan die hoër slaagsyfer van 6,7% wat 1976 se eerstejaarmans be=haal het bo die gemiddeld van die vorige vyf jaar. Die damestu=dente het 2,0% ( $S = 4,25$ ) swakker gevaar as wat die gemiddeld oor

TABEL 6.15

SLAAG-, DRUIP- EN KANSELLASIESYFERS VAN EERSTEJAARSTUDENTE WAT OP 10 JUNIE IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE INGESKRYF WAS (PERSENTASIEGEWYS)

Jaar	Mans			Dames			Totaal		
	Slaag	Druip	Kanselleer ná 10 Junie	Slaag	Druip	Kanselleer ná 10 Junie	Slaag	Druip	Kanselleer ná 10 Junie
1966	81,4	10,8	7,8	91,9	3,7	4,4	87,4	6,7	5,9
1967	76,1	15,2	8,7	88,1	7,7	4,2	83,8	10,4	5,8
1968	78,6	15,5	5,9	84,7	8,4	6,9	82,9	10,5	6,6
1969	73,3	17,8	8,9	81,8	12,8	5,4	78,9	14,5	6,6
1970	70,6	19,3	10,1	79,7	14,8	5,5	76,6	16,3	7,1
1971	62,6	23,5	13,9	81,2	12,5	6,3	75,4	15,9	8,7
1972	68,0	23,8	8,2	81,5	15,8	2,7	77,1	18,4	4,5
1973	65,1	27,3	7,6	74,6	21,1	4,3	71,7	23,0	5,3
1974	59,6	28,5	11,9	70,3	19,5	10,2	66,3	22,9	10,8
1975	68,3	28,1	3,6	78,6	17,9	3,5	75,7	20,8	3,5
Gem.	68,7	22,6	8,7	79,5	15,1	5,4	75,9	17,6	6,5
1. 1976*	71,1	24,7	4,2	74,8	11,7	13,5	73,6	16,0	10,4
2. Gem. '71 - '75**	64,4	26,7	8,9	76,8	17,8	5,4	72,8	20,7	6,5
Verskil 1. - 2.	+6,7	-2,0	-4,7	-2,0	-6,1	+8,1	+0,8	-4,7	+3,9
S***	4,25			4,25			3,87		

\* Persentasies vir 1976

\*\* Gemiddelde persentasie 1971 - 1975

\*\*\* S - Standaardafwyking bereken vir die jare 1971 - 1975

die vorige vyf jaar was. Die verskil in die slaagpersentasie tussen mans- en dameseerstejaarstudente was in 1976 slegs 3,7% teenoor 'n verskil van 12,4% oor die vorige vyf jaar en 'n verskil van 10,8% oor die voorafgaande tien jaar.

Die hoër kansellasiesyfer in 1976 is moontlik daaraan te wyte dat die spesiale pogings van dosente se kant om akademiese prestasies te verbeter ongemotiveerde eerstejaars die wyk laat neem het. 'n Ander moontlike oorsaak kan wees dat die halfjaarpunte so swak was dat 'n groter persentasie eerstejaars as gewoonlik om dié rede hul studies gestaak het.

#### 6.4.3 AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE FAKULTEIT NATUURWETENSKAPPE

In hierdie fakulteit het die eerstejaarstudente van 1976 die hoogste slaagpersentasie behaal vir die elf jaar wat deur die ondersoek gedek word. Dit is veral die manstudente wat aansienlik beter as in die verlede gepresteer het: die mans se slaagpersentasie is naamlik 14,2% hoër as die gemiddelde vir die vorige tien jaar en 14,4% hoër met  $S = 2,65$  as vir die vorige vyf jaar. Hoewel die damestudente ook die beste sedert 1972 gevaar het, was die slaagsyfer slegs 1,6% hoër as die gemiddeld vir die vorige tien jaar en slegs 1,9% ( $S = 2,0$ ) hoër as die gemiddeld van die vorige vyf jaar.

Waar daar in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte duidelik 'n laer slaagpersentasie was in die tydperk 1971 - 1975 as in die voorafgaande vyf jaar, is die prestasies in die fakulteit Natuurwetenskappe oor die twee vyf-jaar-tydperke naastenby dieselfde. Soos blyk uit die standaardafwykings varieer die jaarlikse slaagpersentasies nie veel nie.

Hoewel eerstejaarmanstudente in die fakulteit Natuurwetenskappe se druipersentasie in 1976 26,0% laer was as die gemiddeld vir die vorige vyf jaar moet in gedagte gehou word dat die kansellasiesyfer ná 10 Junie 11,6% hoër was.

TABEL 6.16

SLAAG-, DRUIP- EN KANSELLASIEPERSENTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE WAT OP 10 JUNIE IN DIE FAKULTEIT  
NATUURWETENSKAPPE INGESKRYF WAS

Jaar	Mans			Dames			Totaal		
	Slaag	Druip	Kanselleer*	Slaag	Druip	Kanselleer*	Slaag	Druip	Kanselleer*
1966	47,4	42,4	10,2	68,8	25,0	6,2	54,2	36,8	9,0
1967	55,8	37,0	7,2	72,6	26,0	1,4	61,6	33,2	5,2
1968	51,4	39,8	8,8	75,6	18,6	5,8	59,5	32,7	7,8
1969	52,1	34,0	13,9	71,3	25,5	3,2	59,7	30,7	9,7
1970	51,9	43,0	5,1	71,9	25,4	2,7	61,1	34,9	4,0
1971	53,1	37,7	9,2	74,5	16,4	9,1	62,9	27,9	9,2
1972	53,6	39,1	7,3	73,6	20,7	5,7	64,1	29,4	6,5
1973	46,1	45,3	8,6	70,3	26,4	3,3	56,7	37,0	6,3
1974	50,4	40,9	8,7	70,3	25,8	3,9	59,6	33,9	6,5
1975	53,0	40,9	6,1	69,6	28,0	2,4	60,2	35,3	4,5
Gem.	51,5	39,9	8,6	72,0	23,6	4,4	60,1	33,1	6,8
1976 <sup>1)</sup>	65,7	14,8	19,5	73,6	21,6	4,8	69,0	17,7	13,3
Gem. <sup>2)</sup> '71 - '75	51,3	40,8	7,9	71,7	23,5	4,8	60,7	32,8	6,5
Verskil 1) - 2)	+14,4	-26,0	+11,6	+1,9	-1,9	0,0	+8,3	-15,1	+6,8
S**	2,65			2,0			2,65		

\* Kanselleer ná 10 Junie

\*\* S - Standaardafwyking bereken vir die jare 1971 - 1977

Dieselfde verskynsel, wat by die fakulteit Lettere en Wysbegeerte gevind is, naamlik dat die prestasiegaping tussen manstudente en damestudente aansienlik vernou is, word ook in hierdie fakulteit gevind. Waar die gemiddelde slaagsyfer van die dames in die tydperk 1971 - 1975 20,4% hoër was as dié van die mans in die fakulteit Natuurwetenskappe was die verskil in 1976 slegs 7,9%.

Dit wil voorkom of die damestudente tevore reeds naby hulle optimumprestasie was sodat spesiale pogings nie veel invloed op hul slaagsyfer gehad het nie. Die manstudente het klaarblyklik ver onder hul potensiaal gepresteer sodat 'n dramatiese verbetering wel moontlik was.

#### 6.4.4 AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE

In teenstelling met die fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe het eerstejaarstudente van 1976 in hierdie fakulteit aansienlik swakker gevaar as in vorige jare. Die persentasie eksamensuksesse was laer en die omvang van kansellاسies het ongeveer dieselfde gebly. Die slaagpersentasie vir die manstudente was die laagste vir die elf jaar wat deur die ondersoek gedek word.

Dit is opvallend dat in hierdie fakulteit, net soos in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, die gemiddelde slaagpersentasie vir die vyfjaartydperk 1971 - 1975 (71,2%) aansienlik laer is as vir die tydperk 1966 - 1970 (78,3%).

Dit val hier op dat die verskil in persentasie eksamensuksesse tussen mans en dames in 1976 ietwat vergroot is, te wete met 0,7% in vergelyking met die gemiddeld van die vorige vyf jaar. Die spesiale pogings het dus blykbaar in hierdie fakulteit 'n negatiewe invloed op die slaagpersentasie in totaal gehad, maar veral op mans.

TABEL 6.17

SLAAG-, DRUIP- EN KANSELLASIEPERSENTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE WAT OP 10 JUNIE IN DIE FAKULTEIT EKONOMIESE WETENSKAPPE INGESKRYF WAS

Jaar	Mans			Dames			Totaal		
	Slaag	Druip	Kanselleer*	Slaag	Druip	Kanselleer*	Slaag	Druip	Kanselleer*
1966	73,3	9,3	17,4	93,3	6,7	0,0	76,7	8,9	14,4
1967	79,4	11,8	8,8	73,3	13,3	13,3	78,3	12,0	9,7
1968	76,0	12,5	11,5	88,0	12,0	0,0	78,5	12,4	9,1
1969	78,0	14,3	7,7	78,6	10,7	10,7	78,2	13,4	8,4
1970	75,6	17,0	7,4	95,7	4,3	0,0	79,5	14,5	6,0
1971	68,1	15,4	16,5	82,5	12,5	5,0	72,5	14,5	13,0
1972	69,7	21,0	9,3	87,9	12,1	0,0	73,7	19,1	7,2
1973	66,3	28,9	4,8	63,6	24,3	12,1	65,7	27,7	6,6
1974	66,9	24,0	9,1	87,5	10,4	2,1	71,8	20,8	7,4
1975	69,9	27,4	2,7	83,3	16,7	0,0	71,8	25,4	2,8
Gem.	71,6	19,5	8,9	83,1	12,8	4,1	74,1	18,0	7,9
1976 <sup>1)</sup>	61,0	30,9	8,1	75,0	25,0	0,0	64,0	29,6	6,4
Gem. '71 - '75 <sup>2)</sup>	68,2	23,8	8,0	81,5	14,7	3,8	71,2	21,7	7,1
Verskil 1) - 2)	-7,2	+7,1	+0,1	-6,5	+10,3	-3,8	-7,2	+7,9	-0,7
S	1,41			8,89			2,83		

\* Kanselleer ná 10 Junie

TABEL 6.18

SLAAG-, DRUIP- EN KANSELLASIEPERSENTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE WAT OP 10 JUNIE IN DIE FAKULTEIT REGTE INGESKRYF WAS

	Mans			Dames			Totaal		
	Slaag	Druip	Kanselleer	Slaag	Druip	Kanselleer	Slaag	Druip	Kanselleer
1966	70,6	17,6	11,8	50,0	0,0	50,0	69,4	16,7	13,9
1967	71,8	28,2	0,0	75,0	0,0	25,0	72,1	25,6	2,3
1968	80,6	17,7	1,7	100,0	0,0	0,0	81,8	16,7	1,5
1969	68,0	24,0	8,0	100,0	0,0	0,0	69,8	22,6	7,5
1970	80,8	13,5	5,7	100,0	0,0	0,0	82,1	12,5	5,4
1971	69,6	24,6	5,8	77,8	11,1	11,1	70,5	23,1	6,4
1972	58,1	30,6	11,3	83,3	16,7	0,0	60,3	29,4	10,3
1973	55,4	35,1	9,5	54,5	36,4	9,1	55,3	35,3	9,4
1974	40,2	48,3	11,5	50,0	50,0	0,0	41,6	48,5	9,9
1975	52,3	36,1	11,6	62,5	31,3	17,2	53,9	35,3	10,8
Gem.	62,6	29,6	8,2	68,5	24,7	6,8	62,9	29,1	8,0
1976 <sup>1)</sup>	64,4	25,6	10,0	60,0	26,7	13,3	63,8	25,7	10,5
Gem. '71 - '75 <sup>2)</sup>	54,2	35,7	10,1	62,5	32,1	5,4	55,3	35,3	9,4
Verskil 1) - 2)	+10,2	-10,1	-0,1	-2,5	-5,4	+7,9	+8,5	-9,6	+1,1
S	9,49			12,96			9,38		

#### 6.4.5 AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE FAKULTEIT REGTE

Manseerstejaarstudente in dié fakulteit het in 1976 die beste slaagsyfer sedert 1971 gehad, naamlik 10,2% beter ( $S = 9,49$ ) as die gemiddeld vir die vorige vyf jaar. Die dameseerstejaarstudente (15) het ietwat swakker gevaar as die gemiddeld vir vorige jaar. Waar die dameseerstejaarstudente se slaagpersentasie vir die tydperk 1971 - 1975 gemiddeld 8,3% hoër was as dié van die manstudente, was die manstudente se slaagsyfer in 1976 4,4% hoër as dié van die dames. Die spesiale pogings was klaarblyklik - soos in ander fakulteite - meer geslaagd wat die eerstejaarmans betref.

In die geheel gesien het die eerstejaarstudente wat op 10 Junie 1976 in hierdie fakulteit ingeskryf was 8,5% ( $S = 9,38$ ) beter geprester as die gemiddeld vir die vorige vyf jaar.

Ook in hierdie fakulteit is dit opvallend dat die gemiddelde slaagpersentasie vir die tydperk 1971 - 1975 (55,3%) aansienlik laer is as vir die vorige vyf jaar (75,0%). Soos blyk uit die tabel en die waardes van die standaardafwykings wissel die slaagpersentasies in hierdie fakulteit grootliks van jaar tot jaar.

#### 6.4.6 AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

In 1972 het 'n nuwe bedeling vir onderwysersopleiding in die Republiek van Suid-Afrika in werking getree. Vanaf daardie datum geskied opleiding van onderwysers vir sekondêre skole slegs aan universiteite. Die Opvoedkunde-fakulteit het feitlik oornag met 'n paar honderd persent gegroei en vir die eerste keer is die H.O.D. (Sek.)-diplomas in dié fakulteit aangebied. Om dié redes word die gegewens vir 1976 se eerstejaars in dié fakulteit net vergelyk met die gegewens van die vorige vier jaar.

Eerstejaarstudente in die fakulteit Opvoedkunde het in 1976 'n effens hoër slaagsyfer, naamlik 1,8% hoër, met  $S = 3,74$ , gehad as die gemiddeld vir die vorige vier jaar. Die damestudente het vir

TABEL 6.19

SLAAG-, DRUIP- EN KANSELLASIEPERSENTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE WAT OP 10 JUNIE IN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE INGESKRYF WAS

Jaar	Mans			Dames			Totaal		
	Slaag	Druip	Kanselleer	Slaag	Druip	Kanselleer	Slaag	Druip	Kanselleer
1972	70,3	23,0	6,7	82,2	12,1	5,7	78,3	15,6	6,1
1973	54,9	26,3	8,8	80,5	13,2	6,3	72,3	20,6	7,1
1974	56,0	34,1	9,9	74,5	18,8	6,7	68,0	24,2	7,8
1975	65,3	27,8	6,8	78,7	16,7	4,6	74,3	20,3	5,4
Gem. 2)	61,0	30,8	8,2	79,0	15,3	5,7	73,0	20,3	6,7
1976 <sup>1)</sup>	57,0	21,5	21,5	83,5	11,3	5,2	74,8	14,6	10,6
Verskil 1) - 2)	-4,0	-10,7	+13,3	+4,5	-4,0	-0,5	+1,8	-5,7	+3,9
S	6,40			2,83			3,74		

TABEL 6.20

SLAAG-, DRUIP- EN KANSELLASIEPERSENTASIES VAN ALLE EERSTEJAARSTUDENTE WAT OP 10 JUNIE INGESKRYF WAS

Jaar	Mans			Dames			Totaal		
	Slaag	Druip	Kanselleer	Slaag	Druip	Kanselleer	Slaag	Druip	Kanselleer
1966	65,4	23,4	11,2	80,4	12,9	6,7	71,7	19,0	9,3
1967	67,9	25,0	7,1	83,4	13,0	3,6	75,2	19,3	5,5
1968	66,6	25,2	8,2	78,9	14,4	6,7	72,2	20,2	7,6
1969	65,6	23,9	10,5	77,8	17,1	5,1	71,4	20,7	7,9
1970	66,5	26,3	7,2	77,2	17,7	5,1	71,9	22,0	6,1
1971	61,7	26,5	11,8	77,2	16,0	6,8	70,0	20,8	9,2
1972	64,5	27,1	8,4	80,5	15,6	3,9	73,2	20,9	5,9
1973	58,4	33,9	7,7	74,8	20,0	5,2	67,6	26,1	6,3
1974	56,4	33,3	10,3	72,0	20,4	7,6	64,4	26,7	8,9
1975	62,2	32,3	5,5	76,2	20,2	3,6	69,6	25,9	4,5
Gem.	62,8	28,6	8,6	77,0	17,6	5,4	70,1	22,9	7,0
1976 <sup>1)</sup>	65,0	23,2	11,8	76,0	14,6	9,4	70,6	18,8	10,6
Gem. '71 - '75 <sup>2)</sup>	60,3	31,1	8,6	75,9	18,7	5,4	68,7	24,5	6,8
Verskil 1) - 2)	+4,7	-7,9	+3,2	+0,1	-4,1	+4,0	+1,9	-5,7	+3,8
S	3,00			3,16			3,00		

die hoogste slaagsyfer sedert 1972 gesorg (83,5%) maar die mans het 4% swakker, met  $S = 6,4$ , as gewoonlik gevaar. 'n Groter persentasie (1,8%) van die studente wat op 10 Junie ingeskryf was, het uiteindelik geslaag, maar 'n groter persentasie as gewoonlik (3,9% meer) het ná 10 Junie studies gestaak. Die verhouding mans- tot dameseerstejaarstudente vir die hele tydperk was 1:2.

#### 6.4.7 AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE VIR DIE UNIVERSITEIT AS GEHEEL

Eerstejaarmans wat op 10 Junie aan die PU vir CHO ingeskryf was, het aan die einde van 1976 die hoogste slaagpersentasie sedert 1970 behaal. Daar was 'n 2,2%-verbetering in die slaagsyfer in vergelyking met die gemiddeld van die vorige tien jaar en 'n 4,7% ( $S = 3,0$ )-verbetering op die gemiddelde slaagsyfer van die vorige vyf jaar. Die kansellasiesyfer (dit is studente wat ná 10 Junie gekanselleer het) het egter met 3,2% toegeneem.

By die damestudente het 'n verbetering van slegs 0,1% ( $S = 3,16$ ) voorgekom, wat die gemiddelde verbetering vir die universiteit as geheel op 1,9% ( $S = 3,0$ ) te staan gebring het. Die kansellasiesyfer was 3,8% hoër.

Word die slaagpersentasies van mans- en dameseerstejaarstudente vergelyk, blyk dit duidelik dat spesiale aansporingspogings tot beter akademiese prestasies van mans gelei het. Die skroef was klaarblyklik by hulle los. Die gaping tussen die mans- en dameseerstejaarstudente se slaagsyfers het in 1976 tot 11,0% gekrimp in vergelyking met die gemiddelde verskil van 15,6% vir die vorige vyf jaar. Dit wil dus voorkom of verdere pogings om akademiese prestasies van eerstejaarstudente te verbeter veral op die mans toegespits sal moet word.

In geheel gesien was die slaagsyfer van eerstejaarstudente in 1976 die hoogste sedert 1972. Die verbetering van 1,9% op die gemiddelde slaagsyfer vir die vorige vyf jaar lyk op die oog af nie baie indrukwekkend nie, maar daar is beslis by die mans 'n verblydende verbetering teweeggebring. Die hoër kansellasiesyfer gedurende

1976 is moontlik die gevolg van verskerpte pogings van dosente se kant om akademiese prestasies van studente te verhoog. Dié pogings het moontlik ongemotiveerde studente die wyk laat neem. 'n Ander moontlike oorsaak is dat sommige halfjaarpunte so swak was dat 'n groter persentasie studente as gewoonlik studies gestaak het.

Alle fakulteite, met die uitsondering van Ekonomiese Wetenskappe, se eerstejaarslaagpersentasie was vir 1976 ietwat hoër as die gemiddelde vir die vorige vyf jaar.

## 6.5 FAKTORE WAT AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARS MOONTLIK BEINVLOED - VOLGENS EERSTEJAARSTUDENTE

### 6.5.1 INLEIDING

Om meer inligting te verkry oor moontlike faktore wat akademiese prestasies van eerstejaarstudente aan die PU vir CHO kan beïnvloed, is die heeltydse eerstejaarstudente van 1976 aan die PU vir CHO deur middel van 'n vraelys betrek. (Vir meer besonderhede, vgl. 5,3). Wat hierna in paragraaf 6.5 volg, is 'n ontleding van gegewens wat in hierdie verband deur middel van die vraelys ingewin is.

### 6.5.2 DIE STANDERD 10-SKOOLPRESTASIE VAN EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1976 AAN DIE PU VIR CHO

Die standerd 10-skoolprestasie is relatief gesproke 'n baie goeie voorspeller van akademiese prestasie op universiteit (vgl. 4.3). Wanneer oorsake van swak akademiese prestasies van eerstejaarstudente aan die PU vir CHO gesoek word, sal derhalwe deeglik met die skoolprestasies van die studente rekening gehou moet word.

#### 6.5.2.1 PERSENTASIE WAT UNIVERSITEITSTOELATING VERWERF HET

Dit blyk uit tabel 6.21 dat 'n groter persentasie eerstejaardames universiteitstoelating het as mans. Dit val op dat 19% eerstejaarstudente nie universiteitstoelating verwerf het nie. Hieronder tel 7,5% wat slegs voorwaardelike vrystelling het. Al hierdie

TABEL 6.21

PERSENTASIE EERSTEJAARSTUDENTE MET OF SONDER UNIVERSITEITSTOELATING\*

	Mans%	Dames %	Totaal %
Slaag st. 10 met volle vrystelling (universiteitstoelating)	80,9	83,3	82,2
Slaag st. 10 sonder vrystelling (nie universiteitstoelating)	9,9	13,1	11,5
Slaag st. 10 voorwaardelik	9,9	5,6	7,5

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.9.1 en 1.9.2

studente is nie vir diplomakursusse ingeskryf nie, en die vraag ontstaan of die studente (7,5%) met voorwaardelike vrystelling, en wat dikwels vir graadkursusse inskryf, nie 'n betekenisvolle bydrae tot die persentasie druipepinge lewer nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat dié ondersoek eers in die tweede semester onderneem is, nadat die eerste semester se kursuskanselliasies plaasgevind het. Daar moet aanvaar word dat daar toe reeds verskeie studente wat voorwaardelik toegelaat is, gekanselleer het en dat die persentasie aan die begin van die jaar hoër as 7,5% was.

Daar sal gemerk word dat die totale van die kolomme in tabel 6.20 en 6.21 effens meer as 100% is. Dit is waarskynlik daaraan te wyte dat respondente wat geprobeer het om universiteitstoelating te verkry, maar net voorwaardelik geslaag het, vrae 1.9.1 en 1.9.2 (bylae 1(a)) beantwoord het.

Dit het uit die responsies geblyk dat 'n groter persentasie mansrespondente wat nie motors besit nie volle vrystelling verwerf het as respondente wat wel motors besit. So byvoorbeeld het 91% koshuisinwonende mansrespondente wat nie motors besit nie volle vrystelling verwerf teenoor die 72% motoreienaars (vgl. bylae 1a en c, no. 1.9.1 en 1.9.2)

Tabel 6.22 toon die verspreiding van eerstejaarrespondente met universiteitstoelating met slegs 'n skoolleindsertifikaat en met voorwaardelike vrystelling in die onderskeie fakulteite aan.

TABEL 6.22

PERSENTASIE EERSTEJAARSTUDENTE MET UNIVERSITEITSTOELATING, 'n SKOOLEINDSERTIFIKAAT OF VOORWAARDELIKE VRYSTELLING \*

	L.&W.	Regte	Nw.	Opvoed= kunde	E.W.
Slaag st. 10 met volle universiteitstoelating (%)	88,9	86,2	95,3	41,1	84,7
Slaag st. 10 sonder vrystelling (nie-universiteitstoelating) (%)	5,6	4,6	4,0	53,8	8,3
Voorwaardelike vrystelling (%)	6,6	10,8	5,8	9,2	8,3

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.9.

Daar is 'n hoër persentasie respondente in die fakulteit Opvoedkunde sonder universiteitstoelating omdat slegs 'n skoolleindsertifikaat as toelatingsvereiste vir alle voorgraadse diplomas geld. Hierdie kategorie kom in 'n mindere mate in alle fakulteite voor. Aangesien hierdie studente in die reël gedifferensieerde kursusse volg, het hulle nie 'n betekenisvolle invloed op die algehele druipeerentasie nie (vgl. tabel 6.8). Wat egter wel van belang is, is die persentasie studente met voorwaardelike vrystelling in elke fakulteit en hul rol in die persentasie druipeeling in die onderskeie fakulteite. Die fakulteit Natuurwetenskappe is in hierdie opsig die beste daaraan toe.

#### 6.5.2.2 SIMBOLE WAT IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN BEHAAL IS

Uit die volgende twee tabelle blyk dat damesrespondente op skool reeds aansienlik beter as mans geprester het. Die verskynsel wat aan die PU gevind is vir die afgelope dekade, naamlik dat

TABEL 6.23

PERSENTASIE EERSTEJAARSTUDENTE TEN OPSIGTE VAN HOOGSTE SIMBOLE WAT IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN BEHAAL IS\*

Hoogste simbool	Mans (%)	Dames (%)	Totaal (%)
A (80%+)	18,6	37,3	29,0
B (70% - 79%)	31,7	30,6	31,1
C (60% - 69%)	36,0	25,0	29,9
D (50% - 59%)	13,1	6,3	9,3
E (40% - 49%)	0,3	0,2	0,3

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.1

TABEL 6.24

PERSENTASIE EERSTEJAARSTUDENTE TEN OPSIGTE VAN DIE LAAGSTE SIMBOLE WAT IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN BEHAAL IS\*

Laagste simbool	Mans %	Dames %	Totaal %
A	0,3	1,4	0,9
B	1,2	4,6	3,1
C	4,7	10,6	8,0
D	30,5	32,4	31,6
E en F	63,3	51,0	56,4

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.2

dameseerstejaarstudente akademies beter presteer, kan dus nie geheel en al aan toestande op universiteit toegeskryf word nie. Daar moet veral op gelet word dat 63,3% van die mansrespondente in standerd 10 in een of meer vakke minder as 50% behaal het (dames: 51%). Indien aanvaar word dat akademiese prestasie op skool 'n redelike voorspeller vir akademiese prestasie op universiteit is (vgl. 4.3),

en dat die slaagvereiste per vak op universiteit 50% is, is dit duidelik dat die prognose swak is ten opsigte van 9,6% respondente wat volgens tabel 6.23 'n D of E as hoogste simbool in st. 10 behaal het. Daarteenoor is die prognose goed vir slegs 43,6% respondente wat 'n D as laagste simbool behaal het (vgl. tabel 6.23). Daar moet in gedagte gehou word dat verskeie faktore dié prognose beïnvloed, onder meer dat respondente waarskynlik op universiteit vakke neem waarin hulle op skool die beste gepresteer het en/of waarin hulle belang stel.

Tabel 6.23 en 6.24 dui aan dat daar 'n redelike groot persentasie eerstejaarstudente is wat reeds op skool akademies twyfelagtig gepresteer het. Hierdie faktor moet in gedagte gehou word by die beoordeling van die globale druipeyfer van 33% vir eerstejaars aan hierdie universiteit.

TABEL 6.25

HOOGSTE SIMBOLE WAT DEUR RESPONDENTE IN VERSKILLENDE FAKULTEITE IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN\* BEHAAL IS

Hoogste simbool	L.&W. (%)	Regte (%)	Nw. (%)	Opvoedk= kunde (%)	E.W. (%)
A	28,5	29,2	42,8	20,2	16,7
B	32,3	29,2	31,8	26,9	34,7
C	29,4	32,3	22,5	35,3	37,5
D	8,5	9,2	2,3	16,8	11,1
E	0,0	0,0	0,6	0,8	0,0

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.1

Tabel 6.22, 6.25 en 6.26 toon duidelik dat die fakulteit Natuurwetenskappe in die algemeen die studente trek wat akademies op skool die beste gevaar het. Die fakulteite Opvoedkunde, Ekonomiese Wetenskappe en in 'n mindere mate Regte is in hierdie opsig die swakste daaraan toe, waarskynlik omdat hierdie fakulteite meer diplomastudente huisves. Dit blyk daaruit dat 'n groter persenta=

sie van die respondente uit die fakulteit Natuurwetenskappe een of meer onderskeidings (A-simbool) in standerd 10 behaal het en dat die kleinste persentasie van hulle in een of meer vakke minder as 40% behaal het as in enige ander fakulteit (tabel 6.27).

TABEL 6.26

LAAGSTE SIMBOLE WAT DEUR RESPONDENTE IN VERSKILLENDE FAKULTEITE IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN\* BEHAAL IS

Laagste simbool	L.&W. (%)	Regte (%)	Nw. (%)	Opvoed= kunde	E.W. (%)
A	1,3	1,5	1,2	0,0	0,0
B	3,8	0,0	5,2	0,8	0,0
C	7,9	3,1	14,5	2,5	9,7
D	31,6	32,3	37,6	21,0	30,6
E,F	55,4	63,1	41,5	75,7	59,7

\* Vergelyk bylae 1a en b no. 1.10.2

TABEL 6.27

PERSENTASIE RESPONDENTE IN DIE ONDERSKEIE FAKULTEITE WAT IN EEN OF MEER VAKKE MINDER AS 40% IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN BEHAAL HET\*

L. & W.	Regte	Nw.	Opvoedkunde	E.W.
13,2	12,3	4,6	26,9	13,9

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.8

6.5.2.3 PRESTASIE IN STANDERD 10 IN DIE MOEDERTAAL EN TWEEDE TAAI

TABEL 6.28

SIMBOLE WAT DEUR MANS- EN DAMESRESPONDENTE IN DIE MOEDERTAAL IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN\* BEHAAL IS

Simbool	Mans %	Dames %	Totaal %
A	2,6	12,7	8,2
B	12,8	24,5	19,3
C	34,3	38,0	36,3
D	40,2	20,6	29,3
E	8,7	2,8	5,4
F	0,0	0,2	0,1
F- of G	0,6	0,0	0,3

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.9

TABEL 6.29

SIMBOLE WAT DEUR MANS- EN DAMESRESPONDENTE IN DIE TWEEDE TAAI IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN BEHAAL IS

Simbool	Mans %	Dames %	Totaal %
A	2,0	9,5	6,2
B	8,4	13,9	11,5
C	23,3	30,6	27,3
D	38,7	28,0	32,7
E	25,3	15,3	19,7
F	1,7	1,9	1,8
F- of G	0,3	0,5	0,4

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.10

Tabel 6.28 en 6.29 toon duidelik dat damesrespondente op skool beter as mans in die moedertaal sowel as in die tweede taal geprester het. Dit blyk ook dat die mans- sowel as damesrespondente

in standerd 10 beter in die moedertaal as in die tweede taal ge-  
presteer het.

In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat navorsing  
beslis aanduidat skoolprestasie in die moedertaal een van die be-  
langrikste voorspellers van akademiese prestasie op universiteit  
is (vgl. 4.3). Voorgaande tabelle bied derhalwe 'n belangrike by-  
drae ter verklarung van die verskynsel dat dames klaarblyklik al-  
hier akademies beter as mans presteer. Die gegewens wat in die  
tabelle vervat is, dui ook daarop dat baie studente probleme sal  
ondervind met die gebruik van handboeke wat in Engels geskryf is.

TABEL 6.30

SIMBOLE WAT IN DIE MOEDERTAAL IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN BEHAAL  
IS DEUR RESPONDENTE IN DIE VERSKILLENDEN FAKULTEITE\*

Simbool	L. & W. (%)	Regte (%)	Nw. (%)	Opvoed= kunde(%)	E.W. (%)
A	11,7	4,6	9,8	2,5	2,8
B	26,3	18,5	20,2	10,1	8,3
C	35,4	43,1	39,3	33,6	38,9
D	23,1	27,7	26,1	41,2	40,3
E	2,2	4,6	4,0	9,2	9,7
F	0,0	0,0	0,0	0,8	0,0
F- of G	0,3	0,0	0,0	0,0	0,0

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.9

TABEL 6.31

SIMBOLE WAT IN DIE TWEDE TAAL IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN BEHAAL IS DEUR RESPONDENTE IN DIE VERSKILLENDEN FAKULTEITE\*

Simbool	L. & W. (%)	Regte (%)	Nw. (%)	Opvoed= kunde (%)	E.W. (%)
A	7,6	9,2	6,9	2,5	2,8
B	16,5	6,2	12,7	5,0	2,8
C	30,4	29,2	34,1	12,6	27,8
D	28,8	33,8	30,6	41,2	33,3
E	15,2	20,0	13,3	32,8	29,2
F	0,6	1,5	1,2	5,0	4,2
F- of G	0,3	0,0	1,2	0,0	0,0

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.10

TABEL 6.32

PERSENTASIE RESPONDENTE WAT IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN 60% EN MEER IN DIE MOEDERTAAL EN IN DIE TWEDE TAAL BEHAAL HET\*

	L. & W. %	Regte %	Nw. %	Opvoed= kunde %	E.W. %
Moeder= taal	73,4	66,2	69,3	46,2	50,0
Tweede taal	54,5	44,6	53,7	20,1	33,4

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.9 en 1.10.10

Uit bostaande drie tabelle blyk dat meer respondente uit die fakulteit Lettere en Wysbegeerte in standerd 10 baie goed in die twee amptelike landstale gepresteer het. Hierop volg die fakulteite Natuurwetenskappe en Regte. Volgens tabel 6.30 en 6.31 is daar derhalwe in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, maar veral in die fakulteit Opvoedkunde, groot getalle eerstejaarstudente met 'n swak prognose ten opsigte van akademiese prestasie. Dit

staan waarskynlik in verband met die groot getal diplomastudente :  
 - veral in die fakulteit Opvoedkunde. Daar moet veral deur laas-  
 genoemde twee fakulteite gelet word op die betreklik swak presta-  
 sie van respondente in die tweede taal. In hierdie twee fakul-  
 teite moet klaarblyklik gewaak word teen oormatige gebruik van  
 handboeke wat in Engels geskryf is.

#### 6.5.2.4 PRESTASIE IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN IN WISKUNDE

14,0% mans en 31,0% dames het nie Wiskunde as vak in standerd 10  
 geneem nie (vgl. bylae 1a en b, no. 1.10.11).

TABEL 6.33

PRESTASIE VAN MANS- EN DAMESRESPONDENTE IN WISKUNDE IN DIE STAN-  
 DERD 10-EKSAMEN

Simbool	Mans (%)	Dames (%)	Totaal (%)
A	5,5	5,6	5,5
B	5,5	6,7	6,2
C	10,8	13,0	12,0
D	23,0	17,8	20,1
E	27,3	16,7	21,4
F	6,1	2,3	4,0
F- of G	4,9	0,9	2,7
Nie Wiskunde geneem nie	14,0	31,0	23,5

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.11

Ten spyte van die feit dat 'n baie groter persentasie dames as  
 mans nie Wiskunde as vak in standerd 10 geneem het nie, het 25,3%  
 van alle damesrespondente in standerd 10 60% en meer in Wiskunde  
 behaal teenoor 21,8% van alle mansrespondente. Dit is betekenis-  
 vol dat skoolprestasie in Wiskunde - naas prestasie in die moe-  
 dertaal - as 'n belangrike voorspeller van akademiese prestasie  
 op tersiêre vlak beskou word (vgl. 4.3). Ook hierdie voorspeller

wys op 'n beter akademiese prognose vir dames- as vir mansrespon-  
dente (vgl. bylae 1a en b, no. 1.10.11).

TABEL 6.34

PRESTASIE IN WISKUNDE IN DIE STANDERD 10-EKSAMEN DEUR RESPONDENTE  
IN DIE VERSKILLENDE FAKULTEITE\*

Simbool	L. & W. (%)	Regte (%)	Nw. (%)	Opvoed= kunde (%)	E.W. (%)
A	2,8	4,6	15,0	0,0	5,6
B	2,8	0,0	17,9	1,7	5,6
C	13,3	6,2	17,9	1,7	16,7
D	18,4	21,5	26,6	15,1	19,4
E	20,9	29,2	19,1	14,3	30,6
F	4,4	4,6	2,3	4,2	4,2
F- of G	1,9	1,5	0,0	6,7	4,2
Nie Wiskun= de geneem nie	30,1	24,6	0,6	47,1	13,9

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.10.11

Opvallend is die betreklik goeie prestasie van die respondente in die fakulteit Natuurwetenskappe in Wiskunde in standerd 10. Verder is die swak prestasie van respondente in die Opvoedkundefakul- teit in Wiskunde, asook die besonder groot persentasie responden- te in daardie fakulteit wat nie die vak op skool geneem het nie, opvallend. In hierdie verband moet ook nog in gedagte gehou word dat, aangesien die grootste persentasie van die respondente in die fakulteit Opvoedkunde slegs die skoleindeksamen afgelê het (vgl. tabel 6.22), die groot meerderheid van dié wat wel nog Wiskunde geneem het, dit op die gewone graad geneem het.

### 6.5.3 GEMIDDELDE OUDERDOM

TABEL 6.35

OUDERDOM VAN EERSTEJAARSTUDENTE IN VOLTOOIDE JARE SOOS OP 4 AUGUSTUS 1976\*

	Mans (%)	Dames (%)	Totaal (%)
16 jaar	0,0	0,2	0,1
17 jaar	2,6	5,1	4,0
18 jaar	48,3	70,1	60,4
19 jaar	26,7	18,8	22,3
20 jaar	13,7	0,9	6,6

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.4

Dit blyk uit tabel 6.35 dat dames in die algemeen jonger is as mansrespondente. So byvoorbeeld is daar onder die studente wat die vraelys voltooi het slegs 4 damestudente wat 20 jaar of ouer is terwyl daar 47 sodanige mans is. Militêre diensplig dra tot hierdie verskynsel by (vgl. 6.5.4).

Die ouderdom van die studente blyk heeltemal normaal vir eerstejaargestudente te wees. Die swak verband tussen betreklik hoër ouderdom en swak akademiese prestasie (vgl. 4.4.1) hoef dus blykbaar nie aan die PU vir CHO vir 1976 se eerstejaargroep oorweeg te word as 'n bydraer tot swak akademiese prestasie nie.

### 6.5.4 MILITÊRE DIENSPLIG

Militêre diens is deur 28,5% mansrespondente voltooi voordat hulle aan die PU vir CHO ingeskryf het. 'n Groter persentasie manskosgangerrespondente wat motors besit, het reeds militêre diens verrig (41%) as manskosgangerrespondente wat nie motors besit nie (22%). Dieselfde tendens word opgemerk by nie-kosgangermans (vgl. bylae 1a en c, no. 1.11).

Van die manstudente wat militêre diensplig ondergaan het, het 34% gemeld dat militêre diensplig 'n groot verandering in hul beroepskeuse teweeggebring het terwyl 28% se beroepskeuse in mindere mate daardeur beïnvloed is (vgl. bylae 1a en b, no. 2.1).

#### 6.5.5 DIE TYDSVERLOOP TUSSEN VOLTOOIING VAN STANDERD 10 EN DIE BEGIN VAN UNIVERSITEITSTUDIE

Feitlik alle damesrespondente (92%) het standerd 10 in 1975 geslaag teenoor 70% mansrespondente; 17% van die mansrespondente het standerd 10 in 1974 geslaag, 11% reeds in 1973 en 2% vroeër as 1973. Ten opsigte van 30% manseerstejaars was daar dus 'n studie-onderbreking wat grootliks aan militêre diensplig toegeskryf kan word (vgl. 6.5.4). Wat mans en dames gesamentlik betref, het 83% nadat hulle in standerd tien geslaag het dadelik kom studeer, 11% ná een jaar en 5% ná twee jaar (vgl. bylae 1a en b, no. 1.8).

Dit blyk dus dat in die oorgrote meerderheid van gevalle daar nie 'n onnatuurlike lang tydsverloop tussen voltooiing van standerd 10 en die begin van universiteitstudie was nie.

#### 6.5.6 STUDIERIGTINGS WAT DIE EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1976 GEVOLG HET

TABEL 6.36

STUDIERIGTINGS WAT DEUR MANS- EN DAMESRESPONDENTE\* GEVOLG IS

	Mans %	Dames %	Totaal %
L. & W.	28,5	51,8	41,6
Natuurwetenskappe	22,0	19,9	21,2
Opvoedkunde	9,3	19,2	13,9
Ekonomiese Wetenskappe	22,7	6,0	13,4
Regte	14,8	2,3	7,9

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.1

Tabel 6.36 verstrek by benadering die verspreiding van eerstejaar= studente in die verskillende fakulteite. Die fakulteit Lettere en Wysbegeerte is gewoonlik die fakulteit met die hoogste akade= miese produktiwiteit (vgl. 4.5.1). Aangesien dié fakulteit onder al die fakulteite die meeste studente trek (vgl. tabel 6.26 en Verslae van die Rektor, PU vir CHO, 1966 - 1976), is daar nie rede om te glo dat die verspreiding van eerstejaarstudente in die verskillende fakulteite aan die PU vir CHO 'n besondere bydrae tot swak akademiese prestasies van eerstejaarstudente lewer nie. Die betreklik goeie prestasie van die fakulteit Lettere en Wysbegeer= te (tabel 6.13) kan waarskynlik gedeeltelik aan die hoë persenta= sie damestudente in dié fakulteit toegeskryf word.

#### 6.5.7 FINANSIES

Volgens 37,4% van die respondente word hul studies deur hul ouers bekostig, 25,6% studeer slegs met behulp van beurse en lenings, 20,7% word gefinansier deur hul ouers plus beurse en lenings en 5,9% deur hul ouers, eie geld, beurse en lenings gesamentlik (vgl. bylae 1a en b, no. 1.12). Van die mansrespondente het 4,7% gemeld dat hulle slegs met hul eie geld vir hul studies betaal (vgl. 4.4.11).

Van die mansrespondente moet 38,7% en van die damesrespondente moet 15,3% vakansiewerk doen om vir hul studies te help betaal (vgl. bylae 1a en b, no. 1.13); 58,1% mans- en 70,8% damesrespon= dente doen vakansiewerk slegs om ekstra sakgeld te verdien (vgl. bylae 1a en b, no. 1.14).

Dit blyk dus dat altesame 96,8% mans- en 86,1% damesrespondente vakansiewerk doen, maar dat dit in die oorgrote meerderheid ge= valle nie noodsaaklik is vir die koste van hul studies nie.

Nie alle eerstejaarstudente is vry van finansiële bekommernisse ten opsigte van betaling van klas- en losiesgelde nie: 6% van die respondente het ernstige bekommernisse, terwyl 57% meld dat hulle geen geldelike bekommernis het nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.47). Daar is van die respondente wat beweer dat hulle geen sak=

geld hoegenaamd tot hulle beskikking het nie, terwyl daar aan die ander uiterste 3% van die respondente is wat meer as R90 per maand sakgeld (losies-, klasgeld en geld vir koop van boeke uitgeslote) kry; 26,4% van die respondente het gemiddeld R60 per maand sakgeld tot hul beskikking (vgl. bylae 1a en b, no. 2.75).

#### 6.5.8 REDES WAAROM EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1976 NA DIE PU VIR CHO GEKOM HET

Mans- en damesrespondente het die volgende as hoofredes aangevoer waarom hulle juis na die PU vir CHO gekom het.

TABEL 6.37

HOOFREDES WAAROM RESPONDENTE NA DIE PU GEKOM HET\*

Redes	Mans %	Dames %	Totaal %
1. Naby ouerhuis geleë	26,2	24,5	25,3
2. Vanweë die Christelike karakter van die PU vir CHO	18,3	27,8	23,6
3. Net die PU vir CHO bied die besondere studierigting aan	18,3	14,4	16,1
4. Omdat die PU vir CHO 'n goeie naam het ten aansien van die betrokke studierigting	9,6	8,6	9,0
5. Omdat die PU vir CHO 'n betreklik klein universiteit is	6,7	10,0	8,5
6. Omdat die PU vir CHO 'n landelike universiteit is	3,2	5,3	4,4
7. Deur ouers verplig	3,5	3,0	3,2
8. Beïnvloed deur reklame wat vir die PU vir CHO gemaak is	3,8	2,1	2,8
9. Omdat die akademiese standaarde aan die PU vir CHO hoog is	2,3	0,7	1,4
10. Omdat dit die enigste universiteit is waar toelating verkry kon word	2,3	0,7	1,4

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.15

Verdere redes wat aangevoer is, is laer studie- en losiesgelde aan die PU vir CHO (0,7%), die lekker "gees" wat aan die PU vir CHO heers (0,8%), deur beurs of lening daartoe verplig (0,5%), en die aansien van sekere dosente aan die PU vir CHO (0,3%) (vgl. bylae 1a en b, no. 1.15).

Dit val op dat 'n aansienlik hoër persentasie dames- as mansrespondente na die PU vir CHO gekom het vanweë die Christelike karakter daarvan.

Uit die redes wat studente aanvoer waarom hulle aan die PU vir CHO kom studeer het, blyk dit onwaarskynlik dat oorsake vir swak akademiese prestasie van eerstejaars daarin geleë kan wees.

Dit is interessant dat slegs 23,6% van die eerstejaarrespondente spesifiek vanweë sy Christelike karakter na hierdie universiteit gekom het. Die oorgrote meerderheid 41,4% (redes 1 en 3 hierbo) het gekom omdat dit gerieflik geleë is of omdat hulle móës kom.

#### 6.5.9 BESKIKBAARHEID VAN MOTORS

Van die respondente, almal eerstejaars, het nie minder nie as 17,9% vermeld dat hulle motors op Potchefstroom tot hul beskikking het (32,3% mans, 6,5% dames). Van die koshuisinwonende respondente het 26,4% mans en 5,6% dames motors tot hul beskikking. Vir nie-koshuisinwoners is die persentasies onderskeidelik 67,3% en 23,8% (vgl. 4.4.10 en bylae 1a, b en c, no. 1.17).

Uit hierdie gegewens blyk dit dat die reglement betreffende die besit van motors deur eerstejaarstudente in soveel gevalle verontagsaam word dat dié regulasie net sowel nie kon bestaan het nie (vgl. PU vir CHO, 1976, p. 62 reglement 11).

Van die respondente wat wel motors besit, het die volgende antwoorde verskaf op die vraag oor hoe hulle die motor bekom het.

TABEL 6.38

## MANIERE WAAROP RESPONDENTE AAN MOTORS GEKOM HET\*

	Mans (%)	Dames (%)	Totaal (%)
As geskenk ontvang	36,9	64,3	42,5
Met eie geld gekoop	48,6	7,1	40,3
Besit nie die motor nie, maar mag dit gebruik	11,7	25,0	14,4
Op huurkoop gekoop	3,6	0,0	2,9
Leen die motor af en toe	3,6	3,6	3,6

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 1.18

Die groot persentasie mans wat meld dat hulle die motors met eie geld gekoop het, dui daarop dat geld wat vakansies en andersins verdien word in 'n groot mate vir dié doel gaan.

Die oorgrote meerderheid (63,3%) van die respondente wat motors het, voer aan dat dit die hoofdoel met die motor is om gereeld daarmee huis toe te gaan terwyl 22,4% aanvoer dat dit noodsaaklik vir hul studies is om 'n motor te hê (vgl. bylae 1a en b, no.1.19).

## 6.5.10 DEELNAME AAN SPORT EN VERENIGINGSLEWE

Van die respondente behoort 51,3% aan een of meer sportklubs (65,1% mans en 40,5% dames); 37% behoort aan een sportklub (44,8% mans, 31,0% dames); 8,8% aan twee en 5,5% behoort aan meer as twee sportklubs (vgl. bylae 1a en b, no. 1.20.1). Sport neem gemiddeld 3,2 uur per week van al die respondente se tyd in beslag. Die gemiddeld vir net die 51,3% wat aan georganiseerde sport deelneem is 4,7 uur per week (vgl. bylae 1a en b, no. 2.2).

Dit is uit voorgaande duidelik dat die 51,3% respondente wat aan georganiseerde sport deelneem, dit in die algemeen nie oordryf nie - sowel wat die aantal klubs waaraan hulle behoort as wat die

tyd aan sport bestee betref. Verder is dit opvallend dat 'n groter persentasie mans as dames aan sport deelneem.

Wat die verenigingslewe betref, behoort 59,1% respondente (60,3% mans en 58,4% dames) aan een of meer verenigings of liggame; 37,8% respondente (38,4% mans en 37,3% dames) behoort aan net een vereniging, 16% aan twee en 5,3% aan drie of meer verenigings of liggame (vgl. bylae 1a en b, no. 1.20.2).

Sosiale bedrywighede neem gemiddeld 3,3 uur per week van die hele populasie respondente in beslag (vgl. bylae 1a en b, no. 2.3).

Aangesien matige deelname aan sport en verenigingslewe in die algemeen 'n positiewe invloed op akademiese prestasies van studente het (vgl. 4.4.12), blyk dit dat daar eerder rede vir ongerustheid kan wees oor die groot persentasie studente wat glad nie deelneem nie, as die enkeles wat lede van meer as twee sportklubs of lede van meer as twee verenigings is.

#### 6.5.11 NAWEEK-KUIERS EN STUDIE

Van die respondente het 14,3% gemeld dat hulle elke naweek van Potchefstroom af weggaan (11,3% mans en 16,7% dames). Slegs 5,8% van die respondente in die fakulteit Natuurwetenskappe gaan elke naweek weg teenoor 25,2% respondente in die fakulteit Opvoedkunde en 20,8% in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe.

'n Verdere 24,9% respondente gaan die meeste naweke weg en 25,8% gaan slegs af en toe met naweke weg. Slegs 34,5% respondente het gemeld dat hulle hoofsaaklik gedurende lang naweke en vakansies elders gaan (41,6% in die fakulteit Natuurwetenskappe, 27,7% in die fakulteit Opvoedkunde en 20,8% in die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe) (vgl. bylae 1a en b, no. 2.4).

Daar kan met redelike sekerheid uit voorgaande afgelei word dat nagenoeg die helfte van die eerstejaarstudente elke naweek weggaan. Responsies toon verder dat eerstejaarstudente met motors nie opvallend meer dikwels naweke weggaan as diegene sonder mo=

tors nie (vgl. bylae 1a, b en c, no. 2.4).

Dit is van belang om daarop te let dat 3,7% naweekgangers reeds op Donderdagaande of vroeg Vrydagoggende vir die naweek vertrek, 20,4% vertrek voor 12h00 op Vrydae, 40% Vrydagmiddae en -aande en 22,9% Saterdagoggende. In die fakulteit Opvoedkunde gaan 38% naweekgangers reeds voor 13h00 op Vrydae weg teenoor 17% in die fakulteit Natuurwetenskappe (vgl. bylae 1a en b, no. 2.5).

In die gevalle waar naweke elders deurgebring word, studeer 31% van die respondente niks en 41% minder as drie uur oor die hele naweek. In 72% van die gevalle word dus baie min gestudeer as naweke elders deurgebring word (vgl. bylae 1a en b, no. 2.6).

Die feit dat so 'n groot persentasie respondente naweke elders deurgebring, dat hulle feitlik almal teen Vrydagmiddag reeds vertrek het en dat hulle gedurende die uitnaweke baie min studeer, impliseer dat daar in elke week slegs vier volle dae aan akademiese arbeid bestee word plus klasbywoning op Vrydagoggende.

Dit val op dat respondente uit die fakulteit Natuurwetenskappe relatief die minste naweke weggaan en dat hulle ook, volgens responsies, gedurende sodanige naweke meer studeer as studente uit ander fakulteite (vgl. bylae 1a en b, no. 2.4 en 2.6).

TABEL 6.39

STUDIEPATROON OP SATERDAE VAN RESPONDENTE WAT NIE VIR NAWEKE WEGGAAN NIE\*

\* Vergelyk bylae 1a en b, no. 2.7

	Mans %	Dames %	To- taal%	L.&W. %	Regte %	Nw. %	Opv. %	E.W. %
Studeer naas= tenby 9 uur op Saterdag	6,1	8,6	7,5	7,3	1,5	14,5	5,0	2,8
Studeer naas= tenby 6 uur op Saterdag	31,1	32,9	32,1	28,8	24,6	37,0	39,5	31,9
Studeer naas= tenby 3 uur op Saterdag	38,7	39,8	39,3	41,8	33,8	37,6	34,5	43,1
Studeer <u>niks</u> op Saterdag	22,1	15,5	18,4	18,4	36,9	9,2	19,3	19,4

Die voorgaande tabel toon duidelik aan dat studente wat nie naweke weggaan nie betreklik min tyd aan studie oor naweke bestee.

Dit blyk ook dat die dameseerstejaarstudente wat nie naweke weggaan nie, op Saterdag ietwat meer tyd as mans aan studie bestee, dat sodanige eerstejaarstudente uit die fakulteit Natuurwetenskappe op Saterdag relatief die meeste tyd aan studie bestee en dat sodanige studente uit die fakulteit Regte op Saterdag relatief die minste tyd aan studie bestee.

Dit is uit die voorgaande duidelik dat daar vir die meerderheid eerstejaarstudente, of hulle naweke weggaan al dan nie, waardevolle studietyd oor naweke verlore gaan. Optimale benutting van naweke vir akademiese bedrywighede sal neerkom op 'n effektiewe verlenging van die akademiese jaar en sal waarskynlik 'n positiewe invloed op akademiese prestasies van eerstejaarstudente hê.

#### 6.5.12 STUDIEGEWOONTES

Van die respondente meld 21,3% dat hulle gedurende weksdae gemiddeld agt uur per dag studeer (klasbywoning uitgeslote), 52,7% studeer tussen vyf en ses uur per dag, 22,4% ongeveer drie uur per dag en 2,4% gemiddeld een uur per dag. Daar is geen betekenisvolle verskil in die duur van studie per dag tussen mans en dames of tussen eerstejaarstudente in die onderskeie fakulteite nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.18). Daar moet beklemtoon word dat hierdie gegewens baie sterk van die subjektiewe oordeel van die respondente afhanklik is.

Slegs 7,0% van die respondente studeer streng volgens 'n vaste studierooster, terwyl 36,1% nooit volgens 'n vaste studierooster studeer nie. Die res studeer soms volgens 'n studierooster (vgl. bylae 1a en b, no. 2.8). Hierdie verskynsel vind sy verklaring daarin dat 58,5% studente se studieprogram geheel en al bepaal word deur die toetse wat hulle skryf, terwyl 27,8% se studieprogram grootliks daardeur bepaal word (vgl. bylae 1a en b, no. 2.9).

Nagenoeg 75% van die respondente verkies om alleen te wees as hulle studeer (vgl. bylae 1a en b, no. 2.10).

Slegs 38,8% respondente maak altyd opsommings as hulle studeer, 35,4% doen dit dikwels, 11,1% selde en 13,8% nooit (vgl. bylae 1a en b, no.2.12).

'n Betreklik hoë persentasie (24,9%) respondente probeer alle leerstof memoriseer, terwyl 30% meld dat hulle net die belangrikste werk memoriseer (vgl. bylae 1a en b, no. 2.13).

Sowat 80% respondente kontroleer self of hulle die werk wat hulle geleer het werklik ken (vgl. bylae 1a en b, no. 2.14).

Slegs 11,3% respondente probeer om elke dag die werk wat op die betrokke dag in die klasse behandel is, in te studeer, 34,8% probeer dit redelik gereeld doen, terwyl 52,7% die werkeers weer bestudeer as 'n toets daarin afgelê moet word (vgl. bylae 1a en b, no. 2.15).

Meer as 75% van die respondente studeer nie by radiomusiek nie, en daar word in die algemeen min tyd aan televisieprogramme bestee (vgl. bylae 1a en b, no. 2.16 en 2.17).

Dit is interessant om daarop te let dat 73% van die respondente verkies om saans tot laat te studeer, terwyl slegs 24,5% verkies om vroeg te gaan slaap en dan vroeg op te staan om te studeer (vgl. bylae 1a en b, no. 2.19).

Slegs 11,5% respondente studeer so dikwels hulle kan in die biblioteek, terwyl 37,8% nooit daar gaan studeer nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.20).

Dit is voorts van belang om daarop te let dat 75% van die respondente beweer dat goeie akademiese prestasie lei tot groter aansien onder hul medestudente (vgl. bylae 1a en b, no. 2.11).

Dit blyk dat manseerstejaarstudente, in weerwil van hul swakke akademiese prestasies in standerd 10, hoër akademiese aspirasies as dames het. Daar is naamlik 20,9% mansrespondente, teenoor 2,5% dames, wat van plan is om 6 jaar of meer te studeer en

25% mans, teenoor 19% dames wat 5 jaar wil aanhou studeer (vgl. bylae 1a en b, no. 2.21).

Vrye periodes tussen klasse word in die algemeen weinig vir studie benut. Slegs 13,7% respondente meld dat hulle sodanige periodes goed vir studie benut, 38% gebruik dié periodes redelik goed, 24,9% verspil dié tyd grootliks en 22,4% verklaar dat vrye periodes vir hulle heeltemal verlore gaan wat studie betref (vgl. bylae 1a en b, no. 2.22).

Slegs 18,7% van die respondente het vaste tye vir studie en ontspanning terwyl 27,4% meld dat hulle glad nie vaste studie- en ontspanningstye het nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.23).

Die meeste respondente meld dat hulle belangrike van onbelangrike leerinhoud geredelik kan onderskei (vgl. bylae 1a en b, no. 2.24); 30,3% meld dat hul akademiese werk vir hulle 'n voortdurende bron van kommer is; 43,7% bekommer hulle redelik baie oor hul akademiese werk, terwyl 6,6% geen bekommernis in die verband ondervind nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.25).

Ruim twee-derdes van die respondente vind dit moeilik om ná 'n onderbreking weer te begin studeer (vgl. bylae 1a en b, no. 2.26); ongeveer 25% meld dat hulle dit baie moeilik vind om te konsentreer terwyl hulle studeer en slegs 10,8% ondervind geen probleem in dié verband nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.27); en 16,6% respondente (10,8% mans, 21,3% dames) dagdroom ontstellend baie en 23,7% redelik baie as hulle moet studeer - slegs 13,4% respondente dagdroom nooit (vgl. bylae 1a en b, no. 2.28).

By meer as die helfte van die respondente ontbreek die selfvertroue om in die klas 'n vraag te vra. Veral die damesrespondente vra selde vrae, aangesien 43,8% dames, teenoor 21,8% mans, nooit vrae in die klas vra nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.29).

Sowat 50% van die respondente vind hul leerinhoud in die algemeen interessant; 'n verdere 40% vind dit redelik interessant; 7% vind dit redelik vervelig en slegs 2% vind dit erg vervelig (vgl. bylae 1a en b, no. 2.31).

Aangesien studiehouding en studiemetode wel 'n beduidende invloed op akademiese prestasie het (vgl. 4.4.5 en 4.4.6) en dit uit bostaande gegewens blyk dat daar heelwat eerstejaars is wat dikwels onsistematies en ondoeltreffend studeer, kan 'n rede vir swak akademiese prestasie van eerstejaarstudente aan die PU vir CHO wel hierin geleë wees.

#### 6.5.13 BIBLIOTEEKGEBRUIK

Wat biblioteekgebruik betref, maak 18,6% respondente weekliks van die biblioteek gebruik terwyl 21% nooit die biblioteek gebruik nie. Fakulteitsgewys maak die respondente uit die fakulteit Lettere en Wysbegeerte die meeste van die biblioteek gebruik, terwyl respondente in die fakulteit Natuurwetenskappe dit die minste gebruik aangesien 49,7% van die respondente in dié fakulteit nooit van die biblioteek gebruik maak nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.97). Daar is voorts slegs 61,0% respondente wat presies weet hoe om bronne in die biblioteek in die hande te kry (66,5% mans, 56,7% dames) (vgl. bylae 1a en b, no. 1.22).

Uit bostaande blyk dat die studiemetode van studente nie goed is nie of dat sommige dosente se doseerwyse van so 'n aard is dat studente dit nie nodig vind om gereeld van die biblioteek gebruik te maak nie.

#### 6.5.14 DIE STUDIEGELEENTHEID EN -ATMOSFEER IN DIE VERBLYFPLEKKE VAN EERSTEJAARSTUDENTE VAN 1976

Dit blyk uit die responsies dat daar nie altyd in koshuise voldoende geleentheid is om na wense te studeer nie. Hierteenoor het feitlik alle nie-kosgangers volle geleentheid tot ononderbroke studie. Hierdie uitspraak blyk uit die volgende samevatting van responsies:

Slegs 21% manskosgangers, teenoor 94% nie-kosgangers, het volle geleentheid om te studeer; 49% manskosgangers kry redelik geleentheid om te studeer en 30% manskosgangers rapporteer swak studiegeleentheid (vgl. bylae 1a en c, no. 2.32).

Slegs 32% dameskosgangers, teenoor 100% nie-kosgangers, het volle geleentheid tot studie; 38% dameskosgangers kry redelik geleentheid om te studeer en 30% beweer dat studiegeleentheid swak is (vgl. bylae 1a en c, no. 2.32).

Wat studie-atmosfeer betref, meld 8,5% manskosgangers dat dit ideaal is, 41% dat dit redelik is, 35% dat dit swak is en 15,5% dat dit baie swak is. Alle mans-nie-kosgangers voer aan dat die studie-atmosfeer in hul verblyfplekke baie goed of redelik goed is. Wat die studie-atmosfeer in die dameskoshuise betref, meld 12% dameskosgangers dat dit ideaal is, 43% dat dit redelik goed, 26% dat dit swak is en 19% dat dit baie swak is. Hierteenoor verklaar 81% dames-nie-kosgangers dat die studie-atmosfeer in hul woonplekke ideaal is en 19% dat dit goed is (vgl. bylae 1a en c, no. 2.33).

Slegs 3,5% manskosgangers en 4,5% dameskosgangers beweer dat hulle nooit in hul studies deur medestudente gehinder word nie. Hierteenoor verklaar onderskeidelik 70% mans- en 80% dames-nie-kosgangers dat medestudente nooit hul studies onderbreek nie (vgl. bylae 1a en c, no. 2.34).

Volgens die oorgrote meerderheid respondente van albei geslagte is daar weinig sprake van toesig oor studie van eerstejaars in die koshuise. Slegs 20% eerstejaarsrespondente uit koshuise verklaar dat daar 'n redelike mate van studietoedig is (vgl. bylae 1a en c, no. 2.35).

Dit is opvallend dat 75% van die respondente beweer dat studiehulp aan hulle hoofsaaklik verleen word deur ander eerstejaarstudente. Slegs 25% ontvang studiehulp van huiskomiteede en van senior studente. Dit blyk uit die responsies dat huiskomiteede in die algemeen gereeld bereid is om hulp in verband met studieprobleme te verleen of om eerstejaars na ander studente wat hulp kan verleen te verwys (vgl. bylae 1a en c, no. 2.36).

Slegs 68% van die mans- en 71% damesrespondente wat kosgangers is, verklaar dat verwelkomingsaksies in hul koshuise hulle posi-

tief teenoor die koshuislewe ingestel het. Die res meen dat so-  
danige aksies hulle negatief teenoor die koshuislewe ingestel  
het (vgl. bylae 1a en c, no. 2.39).

Volgens die respondente word die reglemente vir kosgangers in die  
dameskoshuise strenger toegepas as in die manskoshuise: 61% da-  
mes- teenoor 44% mansrespondente voer aan dat koshuisregulasies  
in hul koshuise streng toegepas word; 40% mans- en 29% damesres-  
pondente verklaar dat koshuisregulasies redelik streng toegepas  
word en 5,8% mans- teenoor 3,9% damesrespondente sê dat koshuis-  
regulasies net sowel nie kon bestaan het nie (vgl. bylae 1a en c,  
no. 2.40).

Volgens hul responsies word dameseerstejaars in die koshuise min-  
der deur seniors lastig geval as wat die geval met manskogangers  
is. So byvoorbeeld meld 76% manskogangers teenoor slegs 25%  
dames dat hulle allerlei los werkies vir seniors moet verrig (vgl.  
bylae 1a en c, no. 2.42). Bywoning van koshuisvergaderings is  
vir 36% mans teenoor 42% dames aangenaam (vgl. bylae 1a en c, no.  
2.43). Dit is belangrik om daarop te let dat 75% mans- en 49%  
dameseerstejaarstudente uit koshuise verklaar dat inlywingsbedry-  
wighede nog in 'n groot mate ná die ontheffingsdinee voortgesit  
word. Slegs 7% mans- teenoor 28% dameseerstejaars ontken die be-  
staan van voortgesette inlywingsbedrywighede in koshuise ná die  
ontheffingsdinee (vgl. bylae 1a en c, no. 2.38).

Dit is interessant dat 90% mans- en 80% damesrespondente verklaar  
dat hul koshuisvader redelik goed weet wat in die koshuise aangaan.  
Daar is egter 14% mans- en 7% dames wat beweer dat hul koshuisva-  
der baie min kennis dra van wat in hul koshuis aangaan (vgl. by-  
lae 1a en c, no. 2.45).

Volgens die responsies word eerstejaars goed op die hoogte gehou  
van reëlins wat die universiteitsowerhedemet huiskomitees tref  
(vgl. bylae 1a en c, no. 2.47).

Dit val ten slotte op dat 56% van die respondente uit koshuise  
verklaar dat koshuisvaders in die loop van die jaar weinig, indien

enige, samesprekings met eerstejaars gevoer het (vgl. bylae 1a en c, no. 2.46).

Uit bostaande blyk dat daar in weerwil van pogings wat huisvaders en huiskomitees aanwend, tog leemtes in die koshuislewe voorkom. Dit kan die akademiese prestasies van eerstejaarstudente negatief beïnvloed.

#### 6.5.15 VERPLIGTE BYWONING VAN BYEENKOMSTE

Sowat 63% van die respondente beweer dat die verpligte bywoning van byeenkomste hul studies net matig benadeel, en 16% konstateer dat verpligte bywoning van byeenkomste geen invloed op hul studies het nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.48). Volgens die respondente word weekliks gemiddeld 1,9 uur aan die verpligte bywoning van byeenkomste bestee. Dit gebeur egter meermale dat sodanige byeenkomste met voorbereiding vir belangrike toetse bots (vgl. bylae 1a en b, no. 2.49).

#### 6.5.16 KARNAVAL

Dit is opvallend dat daar volgens respondente gedurende "karnavalweek" baie min gestudeer word: 25% eerstejaarrespondente het gemeld dat hulle gedurende die hele week niks gestudeer het nie, 37% dat hulle in daardie tydperk baie min gestudeer het, 28% het van Maandag tot Donderdag minder as gewoonlik gestudeer en slegs 9% het beweer dat hulle van Maandag tot Donderdag normaalweg gestudeer het (vgl. bylae 1a en b, no. 2.50).

Voorgaande toon duidelik dat, benewens die klasse wat die Vrydag voor karnaval spesiaal vir karnavaldoeleindes opgeskort word, effektiewe studie vir die hele week grootliks ontwrig word.

#### 6.5.17 VERHOUDINGS MET LEDE VAN DIE TEENOORGESTELDE GESLAG

Van die respondente was 0,78% (6) getroud (vgl. bylae 1a en b, no. 1.6).

"Sleep" het 'n matige omvang vir meeste eerstejaarstudente; 41% "sleep" glad nie; van dié wat wel "sleep", doen dit gemiddeld 4,0 uur per week en 9% "sleep" vir ten minste 9 uur per week (vgl. bylae 1a en b, no. 2.51). Nagenoeg 80% van die "slepers" glo dat hul studies deur "sleep" bevoordeel word - dit stem ooreen met die resultate van 'n ondersoek wat vroeër aan die PU vir CHO gedoen is (vgl. 4.4.8 en bylae 1a en b, no. 2.52).

#### 6.5.18 INLYWING EN ORIËTERING

Nagenoeg 70% van die respondente is ten gunste van die georganiseerde oriëntering in sy huidige vorm. Volgens 63% van die respondente het die oriëntering 'n matige positiewe invloed op hul akademiese werk gehad, terwyl 36% die teendeel beweer (vgl. 4.5.3.2.2 en bylae 1a en b, no. 2.55).

Die lesings en voorligting wat tydens die oriënteringsprogram aangebied is, word deur 60% respondente as waardevol maar deur 38% as van weinig waarde bestempel (vgl. bylae 1a en b, no. 2.5.7).

#### 6.5.19 KERK- EN GELOOFSLEWE

Die kerkbesoek van eerstejaarstudente is in die algemeen goed: 43% respondente woon elke oggend- en aanddiens by, 48% beweer dat hulle die eredienste baie gereeld bywoon, 6% voer aan dat hul kerkbesoek ongereeld is en 2% meld dat hulle feitlik nooit kerk toe gaan nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.58); 12% respondente verklaar dat hul naweekkuiers veroorsaak dat hulle die aanddiens swak bywoon (vgl. bylae 1a en b, no. 2.59).

Die meeste respondente (52%) voel dat hul predikant hulle ken, terwyl 17% die teendeel beweer (vgl. bylae 1a en b, no. 2.60).

'n Betreklik klein persentasie van die respondente (19%) het tot en met die datum van hierdie ondersoek (Augustus) nog nie besoek van hul ouderling gehad nie, 18% het een besoek gehad, 34% twee besoeke en 26% het drie besoeke van hul ouderling gehad (vgl. bylae 1a en b, no. 2.61).

Die responsies toon duidelik dat heelwat eerstejaarstudente, reeds in die loop van die eerste semester, met ernstige religieuse en filosofiese probleme worstel: 23% respondente het gemeld dat hul lewens- en wêreldbeskouing in dié tyd drasties verander het, 31% se lewens- en wêreldbeskouing het geen verandering ondergaan nie, terwyl daar in dié opsig by 46% respondente matige verandering plaasgevind het (vgl. bylae 1a en b, no. 2.62). Van die respondente het 4,4% gemeld dat hulle in 'n hewige geloofstryd verkeer, 10% dat hulle geringe geloofsekerheid het, 63% het gemeld dat hulle nie baie worstel met die probleem nie en 22% het geen probleme in dié verband nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.63). Dit is duidelik dat die kerk besondere pastorale aandag aan die eerstejaarstudent moet gee (vgl. 4.4.4).

#### 6.5.20 VOOGDOSENTSTELSEL

Die voogdosentstelsel funksioneer klaarblyklik vir die meeste respondente net gedurende die oriënteringstydperk: 63% van die respondente beweer dat hulle ná die oriënteringstydperk nog nie weer in aanraking met hul voogdosent was nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.64) en slegs 17% respondente het ná oriëntering uit hulle eie die voogdosent opgesoek (vgl. bylae 1a en b, no. 2.65). Dit val op dat 20% van die respondente geen vrymoedigheid het om hul voogdosent op te soek nie, teenoor 35% wat weer groot vrymoedigheid het om hul voogdosent op te soek (vgl. bylae 1a en b, no. 2.66).

#### 6.5.21 VOORLIGTING

Slegs 32% van die respondente het by 'n amptelike voorligtingsinstansie voorligting ontvang ten opsigte van beroeps- en vakkeuse, teenoor 39% wat geen voorligting ontvang het nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.68). Heelwat studente het wel sekerheid oor hul algemene studierigting, maar sou graag enkele ander besondere vakke wou neem. So byvoorbeeld meld 25% van die respondente dat hulle graag ten minste twee vakke en 'n verdere 25% dat hulle een vak sou wou verander. Dit beteken dat ten minste 50% respondente nie tevrede is met hul vakkeuses nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.67).

Net 44% van die respondente weet welke hulpdiens die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing tot beskikking van studente stel en hoe hulle te werk moet gaan om daar geholpe te raak (vgl. bylae 1a en b, no. 2.69). Dié instituut het nietemin aan 21,6% van die respondente waardevolle hulp verleen (vgl. bylae 1a en b, no. 2.70).

Dit is duidelik dat die studente voortdurend op die hoogte gehou moet word van die diens wat deur die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing gelewer word en oor hoe hulle te werk moet gaan om daar hulp te ontvang.

#### 6.5.22 GEVOEL VAN TUISHEID

Sowat twee-derdes (66%) van die respondente meld dat hulle tuis voel aan die PU, 20% voel redelik tuis, 8% voel redelik ontuis terwyl 6% meld dat hulle baie ontuis voel (vgl. bylae 1a en b, no. 2.72).

Vir 51% van die respondente is die PU die enigste universiteit, terwyl 14% meld dat as hulle weer 'n keuse kon maak, hulle liefs na 'n ander universiteit sou wou gaan. Die res se menings wissel tussen hierdie twee uiterstes (vgl. bylae 1a en b, no. 2.73).

#### 6.5.23 DIE DIDAKTIESE SITUASIE

Volgens die responsies is die meerderheid eerstejaarstudente in die algemeen baie tevrede met die wyse waarop dosente hulle benader en hulle werk aanbied. Daar is klaarblyklik slegs 'n klein persentasie dosente wat in sekere opsigte didakties te kort skiet. Van die respondente vind 76% naamlik die doseermetodes van hul dosente redelik goed, terwyl 23% probleme daarmee ondervind (vgl. bylae 1a en b, no. 2.85).

In regstreekse teenstelling met die verklarings van dosente (vgl. 6.6) word daar - volgens die eerstejaarespondente - deur heelwat dosente van die dikteermetode gebruik gemaak. So byvoorbeeld verklaar 21% van dié respondente dat 90% van die tyd in lesperiodes

bestee word aan die afneem van gedikteerde aantekeninge. Algesaam 61% van die respondente voer aan dat daar in meer as die helfte van hul periodes hoofsaaklik gedikteer word. Slegs 5% respondente beweer dat daar nooit in hul klasse gedikteer word nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.82).

Volgens die responsies word daar deur 50% van die dosente gereeld en deur 39% soms 'n redelike volledige raamwerk en bronne vir elke werkstuk verskaf. Slegs 4% van die respondente beweer dat hulle geen leiding ten opsigte van die beplanning van en bronne vir werkstukke ontvang nie (vgl. bylae 1a en b, no. 1.24 en 2.96). Dit blyk dat 'n redelike mate van selfstandige werk van studente vereis word, aangesien 50% respondente gedurende die eerste semester reeds vyf of meer werkstukke selfstandig moes uitwerk (vgl. bylae 1a en b, no. 1.23).

In 87% van die gevalle word die werkstukke terug ontvang met kommentaar daarby, maar 13% van die respondente beweer dat hulle nie hul werkstukke nagesien terug kry nie (vgl. bylae 1a en b, no. 1.25).

Volgens die respondente verwys feitlik alle dosente hulle gereeld na bronne waarin gedane werk verder bestudeer kan word (vgl. bylae 1a en b, no. 2.86); lê 'n groot meerderheid dosente klem op belangrike aspekte van die werk (vgl. bylae 1a en b, no. 2.87); probeer die meerderheid dosente om vas te stel of behandelde werk deur studente begryp is (vgl. bylae 1a en b, no. 2.88); en wend hulle pogings aan om blootgelegde probleme op te klaar (vgl. bylae 2a en b, no. 2.89); is dosente baie hulpvaardig as studente met probleme na hulle gaan (vgl. bylae 1a en b, no. 2.77); ontvang bykans 50% van die respondentë geskrewe toetse binne twee weke nadat dit geskryf is terug (vgl. bylae 1a en b, no. 2.90); bespreek nagenoeg 85% van die dosente die puntetoekenning gereeld by terughandiging van die vraestelle (vgl. bylae 1a en b, no. 2.91); het 80% van die respondente vrymoedigheid om hul dosente met probleme te nader (vgl. bylae 1a en b, no. 2.76).

Respondente keur dit in die algemeen goed dat studente hul dosente met studie- en ander probleme nader. Daar is egter 14% van

die respondente wat meld dat hulle agtergekom het dat van hul medestudente dit afkeur (vgl. bylae 1a en b, no. 1.26).

Dit val op dat status in die studentelewe nie deur akademiese prestasie alleen of deur sportprestasie alleen verwerf word nie. Volgens die responsies dra die volgende in dalende orde van belangrikheid by tot die status van 'n student: prestasie op akademiese gebied sowel as in sport en die verenigingslewe (31%), beginselvastheid (28%), bereidheid om "ja" te sê (15%), goeie akademiese en sportprestasies (5,2%), akademiese prestasies (3,7%) en sportprestasies (3,5%) (vgl. bylae 1a en b, no. 1.28).

Voorgaande dui op 'n besondere ewewigtigheid ten opsigte van status by studente. Daar is ook klaarblyklik geen sprake van 'n negatiewe ingesteldheid teenoor voortreflike akademiese prestasie nie.

Dit is van belang om daarop te let dat daar 'n betreklike groot groep eerstejaarrespondente is (14%) wat eerder minder klasse sou wou bywoon en meer selfstandige werk sou wou doen, veral omdat baie van die klaswerk van so 'n aard is dat dit selfstandig bestudeer kan word. Slegs 46% respondente voel dat daar nie te veel klasbywoning vereis word nie (vgl. bylae 1a en b, no. 2.79).

Voorgaande dui op die noodsaaklikheid van oordeelkundige benutting van klastyd. Waarskynlik kan heelwat meer van die vakinhoud deur studente selfstandig uit bronne bestudeer word.

Engelse handboeke skeep vir die meeste studente 'n probleem. Slegs 25% respondente meld dat Engelse handboeke vir hulle geen probleme skeep nie, 17% van die respondente ondervind af en toe probleme daarmee, 27% ondervind gereeld probleme in dié verband en vir 29% van die respondente is Engelse handboeke groot struikelblokke (vgl. bylae 1a en b, no. 2.80). Daar gaan klaarblyklik heelwat studietyd verlore omdat handboeke nie betyds beskikbaar is nie, aangesien 38% van die respondente verklaar dat daar aan die begin van die akademiese jaar in sommige vakke vir etlike weke geen handboeke te kry was nie, terwyl slegs 19% verklaar het dat in

alle vakke handboeke vanaf die begin van die akademiese jaar beskikbaar was (vgl. bylae 1a en b, no. 2.81).

Daar moet klaarblyklik ernstige pogings aangewend word om - veral vir eerstejaars - Afrikaanse handboeke te voorsien, en om te reël dat voldoende voorgeskrewe boeke vir alle vakke reeds aan die begin van die akademiese jaar beskikbaar moet wees.

Dit blyk dat daar in weerwil van die beskikbaarheid van heelwat onderrighulpmiddels op die kampus selde in klasse van hulpmiddels gebruik gemaak word. Slegs 4% van die respondente voer aan dat hulle dosente gereeld van truprojektors gebruik maak, 57% verklaar dat truprojektors nooit gebruik word nie. In sekere hele fakulteite word truprojektors slegs by wyse van groot uitsondering gebruik (vgl. bylae 1a en b, no. 2.93). Ander hulpmiddels soos televisie, rolprente, kaarte, modelle, werklike eksemplare, illustrasies, ensovoorts word volgens slegs 10% van die respondente dikwels gebruik, terwyl 50% meld dat hulpmiddels selde, indien ooit, gebruik word (vgl. bylae 1a en b, no. 2.94).

Hoewel daar geen besondere premie op die gebruik van allerlei hulpmiddels onder alle omstandighede op die vlak van tersiêre onderwys geplaas moet word nie, kan hierdie middels nogtans bydra tot die doeltreffendheid van die onderrig. Volgens die responsies van dosente word vrywel ernstige probleme ondervind ten opsigte van die beskikbaarheid van en geriewe vir gebruik van hulpmiddels (vgl. 7.14.3.4 en bylae 2a en b, no. 3.10).

#### 6.5.24 AANBEVELINGS VAN EERSTEJAARSTUDENTE MET BETREKKING TOT BEVORDERING VAN AANPASSING VAN EN STUDIE DEUR EERSTEJAARSTUDENTE

Respondente is versoek om in die oop afdeling van die vraelys aan te dui hoe die universiteit volgens hul mening kan bydra tot doeltreffender aanpassing van en studie deur eerstejaarstudente (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

Die aanbevelings van respondente skeep deurgaans 'n besonder sterk

indruk dat daar by die oorgrote meerderheid van hulle 'n besonder positiewe gesindheid teenoor die universiteit en dosente heers. So byvoorbeeld het 101 respondente ongevraagd gemeld dat die PU vir CHO beslis genoeg doen om eerstejaarstudente te help (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

Dit val verder op dat die vernaamste knelpunte vir eerstejaars nie by die universiteitsowerheid, dosente of in die didaktiese situasie geleë is nie, maar in die studentelewe self (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

Die vernaamste probleme sentreer vir die respondente om die oriëntering (oriëntering en ontgroening word deur die meeste as sinonieme gebruik). Die beswaar is nie soseer teen die inlywing aan die begin van die jaar nie, maar teen die uitgerektheid daarvan deur die jaar. Dit is betekenisvol dat meer as 20% van die respondente vra dat inlywing aan die begin van die tweede semester afgehandel moet wees sodat aandag voltyds aan studies gewy kan word; ander maak beswaar teen die onnodige "tweede ontgroening" en die meerderheid versoek dat die inlywing met die ontheffingsdinee moet eindig (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

'n Tweede groot gemis by eerstejaars is doeltreffende voorligting. Baie skryf dat hul nou reeds weet dat sommige van hul vakkeuses verkeerd is. Voorligting ten opsigte van studiemetodes word sterk aanbeveel en heelwat respondente versoek dat meer aandag op skool aan vak- en beroepskeuses gegee moet word (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

Daar is 'n wydverspreide gevoel onder respondente dat die verpligte bywoning van aksies deur eerstejaars afgeskaf moet word. Sowat 11% van die respondente wys daarop dat hulle dikwels vergaderings of interaksies moet bywoon al word daar op die volgende dag 'n toets geskryf (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

Daar is voorts 'n sterk gevoel by baie respondente, veral uit manskoshuise, dat die studietye in die koshuise streng nagekom moet word. Sommige respondente het selfs die moontlikheid genoem

van studie-onder-toesig vir eerstejaarstudente. Studietye, waarin daar stilte heers, is in die koshuise vir baie respondente onontbeerlik (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

'n Hele aantal (50) respondente vra 'n geleideliker oorskakeling van die werkwyses van die skool na dié van die universiteit. In hierdie opsig word veral die snelheid waarmee op universiteit gevorder word, vermeld. Eerstejaars vind dit dikwels moeilik om by te hou. Hulle vind dit bykans onmoontlik om 'n agterstand weer in te haal. 'n Redelike groot aantal beveel aan dat werkstukke en toetse van vroeg in die jaar af - soos hulle op skool gewoond was - gegee moet word sodat hulle vroeg reeds die erns van hul saak kan besef en om hulle 'n aanduiding van hul vordering te gee (vgl. bylae 1a no. 3.1).

Dit val op dat heelwat eerstejaars aanbeveel dat toetse van vroeg af dwarsdeur die akademiese jaar afgeneem moet word. Sommige studente het aanbeveel dat die eerste paar toetse nie 'n groot bydrae tot die jaarpunt moet lewer nie en dat dit eerder moet dien om hulle te laat besef dat daar gewerk moet word. Hulle wys daarop dat waar in die enkele groot toetse in die loop van die jaar swak gevaar word, die agterstand byna nie uitgewis kan word nie (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

Daar word deur 35 respondente versoek dat dosente stadiger en beter moet verduidelik (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

Daar word deur 24 respondente aanbeveel dat meer persoonlike kontak tussen eerstejaars en dosente gemaak word terwyl 16 vra dat Afrikaanse handboeke voorsien moet word (vgl. bylae 1a, no. 3.1).

## 6.6 FAKTORE WAT AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE MOONTLIK BEINVLOED - VOLGENS DOSENTE

### 6.6.1 DIE AANTAL DOSENTE WAT EERSTEJAARS ONDERRIG

Uit die antwoorde van dosente op die vraelys (bylae 2(a)), blyk dat daar gemiddeld 3,5 dosente per vak teorieklasse aan eerste-

jaarstudente gee (vgl. bylae 2a en b, no. 1.7). Dit beteken dat daar vir die student met vyf eerstejaarkursusse gemiddeld meer as sewentien dosente onderrig in teoretiese werk gee. Word daar in gedagte gehou dat daar ook nog ten aansien van heelwat studente praktiese werk is wat deur ander dosente behartig word, val dit op dat die totale aantal dosente wat aan 'n eerstejaarstudent klas gee baie meer is as die sowat ses onderwysers by wie hy in standerd 10 onderrig in die sogenaamde eksamenvakke ontvang het. Hierdie verskynsel kan waarskynlik die akademiese aanpassing van die eerstejaars aan die PU vir CHO bemoeilik.

Van die dosente het 17% gemeld dat slegs een dosent in hul departement die onderrig van teoretiese werk aan eerstejaars behartig, 15% dat twee dosente, 12% dat drie dosente en 28% dat vier of meer dosente in hul departemente die onderrig aan eerstejaarstudente behartig. In die geval van tweedejaarstudente (derdejaarstudente se persentasies verskyn in hakies) het 13% (14%) van die dosente gemeld dat in hul departemente slegs een dosent teoretiese werk behartig, 14% (14%) dat twee dosente, 17% (19%) dat drie dosente en 28% (34%) dat vier of meer dosente hierby betrokke is (vgl. bylae 2a en b, no. 2.2). Aangesien tweede- en derdejaarkursusse - wat omvang, diepte en spesialisasie van inhoud betref - groter eise aan dosente stel as eerstejaarkursusse, is dit te verwagte dat tweede- en derdejaarskursusse deur meer dosente per kursus aangebied sal word as eerstejaarskursusse. Uit bogenoemde syfers blyk dit egter duidelik dat daar in die algemeen geen beduidende verskil is tussen die aantal dosente per eerstejaarkursus en die aantal dosente per tweede- of derdejaarkursus nie.

#### 6.6.2 KLASGROOTTE

Van die dosente het 2,6% gemeld dat hul grootste eerstejaarsklasgroep uit een tot tien studente bestaan, vir 8,3% bestaan die grootste eerstejaarsklasgroep uit 11 tot 20, vir 15,2% uit 21 tot 50 en vir 11,5% uit 51 tot 80 studente. Vir 27% is klasgroepe groter as 80 (vgl. bylae 2a en b, no. 1.8).

Hierteenoor glo slegs 0,9% van die dosente dat die optimumgetal

eerstejaars in 'n enkele lesinggroep meer as 80 moet wees, 14,7% glo dat die optimumgetal eerstejaars in 'n klas meer as 40 moet wees, 39,4% tussen 20 en 30, 22,7% tussen 10 en 20 en 7,5% glo dat 'n eerstejaarsklas minder as 10 studente moet bevat (vgl. bylae 2a en b, no. 2.1).

Daar blyk dus 'n groot diskrepans te wees tussen die werklike situasie en dit wat dosente as gewens beskou (vgl. 4.6.1).

#### 6.6.3 DOSENTE VAN EERSTEJAARSTUDENTE

Van die dosente meld 75% dat hulle sterk ten gunste daarvan is dat sekere dosente uitgesonder moet word om aan eerstejaars klas te gee. Dit hou egter nie in dat sodanige dosente slegs eerstejaars moet onderrig nie. Slegs 11,5% van die dosente is sterk van mening dat enige dosent die onderrig aan eerstejaarstudente kan behartig (vgl. bylae 2a en b, no. 2.3).

Van die dosente wat die betrokke vraag beantwoord het, glo 50% dat waar van toepassing dosente wat die opleiding van H.O.D.-studente behartig ook die onderrig van eerstejaar-gradstudente moet waarneem terwyl die ander helfte van die dosente glo dat dit ongewens is (vgl. bylae 2a en b, no. 2.4).

Van die dosente het 30% gemeld dat hulle baie goed op die hoogte is van die matrieksillabus van die vak wat hulle doseer, 15,5% is redelik op die hoogte daarvan terwyl 5,2% van die dosente meld dat hulle glad nie weet wat die matrieksillabus in hul vakke inhoud nie (vgl. bylae 2a en b, no. 2.5).

#### 6.6.4 DOSEERMETODES EN DOSEERVERMOENS

Die gewildste doseermetodes blyk te wees die gee van lesings plus kernaantekeninge (19%), lesings plus werksopdragte (19%), lesings plus diktate (17,5%) en slegs formele lesings (9,2%). Dit is egter moeilik om te veralgemeen omdat 'n groot aantal dosente gemeld het dat hulle 'n kombinasie van verskeie metodes volg (vgl. bylae 2a en b, no. 1.9).

Op die vraag na pogings wat in departemente aangewend word om didaktiese leiding aan onervare dosente te gee ten einde hulle beter toe te rus vir doseerwerk, het 48,6% van die respondente gemeld dat daar wel in hul departemente sodanige pogings aangewend word, 28,2% verklaar dat dit selde gedoen word, terwyl 10,7% aanvoer dat daar hoegenaamd geen pogings in hul departemente aangewend word om didaktiese leiding aan onervare dosente te gee nie. Laasgenoemde groep respondente sluit in 15,4% lektore, 8,1% junior lektore, 10,7% professore en senior lektore en 3,6% departementshoofde (vgl. bylae 2a en b, no. 1.10).

Wat beoordeling van die doseervermoëns van dosente deur hul departementshoofde betref, weet 44,8% van die dosente nie hoe dit geskied nie (7% departementshoofde, 47,5% professore en senior lektore, 51,3% lektore en 65,3% junior lektore ) (vgl. bylae 2a en b, no. 1.11).

Volgens die departementshoofde geskied beoordeling van doseervermoëns van dosente soos volg: Op grond van 'n skattingskaal waarin verskillende aspekte van doseerwerk van elke dosent beoordeel word (19,6%), volgens eksamenuitslae (14,3%), op grond van intuitiewe aanvoeling (10,7%), houding van studente teenoor die dosent (8,9%) en op grond van beoordeling van lesings en ander doseerwerk wat in die teenwoordigheid van die departementshoof gegee word (7,1%) (vgl. bylae 2a en b, no. 1.11).

Dit blyk dat, departementshoofde uitgeslote, die meerderheid dosente nie weet op grond waarvan hul doseer- en ander bekwaamheid beoordeel word nie. Die klaarblyklike gebrek aan 'n redelik eenvoudige beleid oor die evaluering van dosente en die oningeligtheid van dosente oor die evalueringsprosedure, waar so-iets wel bestaan, baar kommer.

Dosente moes ook vrae beantwoord oor die didaktiese opset in hul klasse. Responsies skep 'n positiewe beeld in hierdie verband. So byvoorbeeld verstrek 94,8% respondente aan die begin van die jaar 'n inleidende oorsig van die werk wat gedurende die jaar gedoen gaan word (vgl. bylae 2a en b, no. 1.12), gee 85,6% respon-

dente altyd aan die begin van elke afdeling van die werk 'n inleidende oorsig (slegs 4,3% respondente doen dit nooit) (vgl. bylae 2a en b, no. 1.13 ), wat 70% respondente aan die einde van 'n kursus of afdeling van die werk weer die hoofpunte saam (vgl. bylae 2a en b, no. 1.14 en 1.15), gee 36,8% respondente altyd aan hul eerstejaarstudente 'n volledige skema indien van hulle verwag word om 'n werkstuk uit te werk (22,7% van die dosente doen dit soms en 4,6% van die dosente doen dit nooit) (vgl. bylae 2a en b, no. 1.16), gee 46% van die dosente altyd 'n bronnelys wat geraadpleeg moet word ten opsigte van iedere werkstuk (slegs 4,3% respondente doen dit nooit) (vgl. bylae 2a en b, no. 1.17), en bewerkstellig 90% van die respondente terugkoppeling gepaard met remediërende onderrig (vgl. bylae 2a en b, no. 1.18).

Feitlik alle nagesiene werkstukke word aan die studente terugbesorg. Algemene foute wat in die werkstukke voorkom, word deur 90,8% van die respondente gereeld met die klas of individuele studente bespreek terwyl die res van die personeel dit soms doen (vgl. bylae 2a en b, no. 1.19).

#### 6.6.5 OOGMERKE MET DIE ONDERRIG VAN VAKKE

Van die dosente het 82,8% verklaar dat daar in hul departemente ooreengekom is oor die doeleindes wat met die onderrig van die verskillende kursusse of vakke beoog word. Dit val egter op dat 14,4% dosente verklaar dat dit nie gedoen is nie (vgl. bylae 2a en b, no. 1.20). Departementele oogmerke word klaarblyklik selde op skrif gestel, aangesien slegs 15,8% dosente beweer dat dit wel gedoen is (vgl. bylae 2a en b, no. 1.21).

#### 6.6.6 TOETSING EN EKSAMINERING VAN EERSTEJAARSTUDENTE

Sowat 50% respondente verstrek reeds aan die begin van 'n jaar of semester 'n toetsrooster aan studente vir die betrokke tydperk, terwyl 30% respondente van elke toets afsonderlik kennis gee. Departementshoofde is meer geneig om toetsroosters lank vooraf te verskaf terwyl junior lektore meer geneig is om van elke toets afsonderlik kennis te gee (vgl. bylae 2a en b, no. 2.6).

Wat die wyse van kennismeting van eerstejaars betref, is korter, opsteltipe vrae die gewildste, gevolg deur kort antwoordvrae, dan lang, opsteltipe vrae en veelvoudige keusevrae. Mondelinge eksamens word selde aan eerstejaarstudente gegee (vgl. bylae 2a en b, no. 1.22 en 1.23).

Op 3 na het alle respondente verklaar dat hulle die nagesiene toetse aan die studente terugbesorg (vgl. bylae 2a en b, no. 1.24). In 90,5% van die gevalle word aan die studente verduidelik hoe punte toegeken is. Die orige 9,5% respondente doen laasgenoemde soms (vgl. bylae 2a en b, no. 1.25).

Verslag van gemiddelde persentasie wat in toetse behaal word, word deur 90% van die respondente gehou (vgl. bylae 2a en b, no. 1.27), terwyl 77% respondente ook aldus verslag van die Novembereksamen hou (vgl. bylae 2a en b, no. 1.28). Die vraag kom onwillekeurig na vore of die groot wisseling in slaagsyfers deur die jare nie verband hou met die 23% respondente wat nie verslag hou van die gemiddelde prestasie van hul studente in die finale eksamen nie (vgl. bylae 2a en b, no. 1.29).

Van die respondente het 51,4% verklaar dat hulle, wanneer nodig, aan die toetspunte wat studente behaal het, verstel, terwyl 45,7% dit nooit doen nie (vgl. bylae 2a en b, no. 1.30). Dit blyk voorts dat 27% respondente nooit toetse laat oorskryf as 'n klas, volgens hulle oordeel, onderpresteer het nie; 54% doen dit soms en 13,8% altyd (vgl. bylae 2a en b, no. 1.31). Verder laat 20% respondente nooit toe dat individue of groepe 'n toets herhaal ten einde op toetspunte te verbeter nie (vgl. bylae 2a en b, no. 1.32). In gevalle waar 'n hele aantal studente se antwoorde sekere identiese leemtes vertoon, bespreek 96% respondente daardie aspekte ná die toets met die klas (vgl. bylae 2a en b, no. 1.33).

Slegs 18,4% respondente verstel jaarsyfers en finale eksamenpunte van studente sodat dit binne redelike perke van 'n gestelde norm val. Die orige respondente laat die jaar- en eksamenpunte onveranderd (vgl. bylae 2a en b, no. 2.7).

Ongeveer die helfte van die dosente is van mening dat dit nut sal hê om aan eerstejaars ten minste een maal elke twee weke 'n toets in 'n bepaalde vak te laat aflê (vgl. bylae 2a en b, no. 2.11).

Oor die vraagstuk van die verspreiding van toetse is daar tussen die respondente twee ewe sterk kampe. Sowat 50% is ten gunste van enkele toetstydperke terwyl die orige 50% pleit vir klastoetse wat oor die hele akademiese jaar versprei is (vgl. 4.6.2 en bylae 2a en b, no. 2.12).

#### 6.6.7 LENGTE VAN DIE AKADEMIESE JAAR

Die meerderheid respondente is gekant teen 'n verlenging van die akademiese jaar slegs vir eerstejaarstudente (vgl. bylae 2a en b, no. 2.14), maar die respondente is in die verhouding van vyf teen drie ten gunste van 'n verlenging van 'n akademiese jaar vir alle studente (vgl. bylae 2a en b, no. 2.13).

#### 6.6.8 LEES- EN TAALVERMOE VAN EERSTEJAARSTUDENTE

Volgens die oordeel van 20% respondente ondervind eerstejaarstudente groot probleme daarmee om wetenskaplike werke in Afrikaans - hul moedertaal - te lees. Slegs 13% respondente beweer dat studente nie probleme in hierdie verband ondervind nie (vgl. bylae 2a en b, no. 2.16).

Dit is egter belangrik om daarop te let dat 75% respondente aanvaar dat eerstejaarstudente probleme ondervind om Engelse wetenskaplike werke met insig te lees. Nog belangriker is dat 56,6% respondente vind dat eerstejaars groot, en 18,7% dat hulle matige probleme in dié verband ondervind. Slegs 3,7% respondente beweer dat studente weinig probleme met Engelse handboeke ondervind en net twee is van mening dat eerstejaarstudente geen probleme in die verband ondervind nie (vgl. bylae 2a en b, no. 2.17). Sowat 80% respondente voer aan dat eerstejaarstudente probleme ondervind met die formulering van hul gedagtes in helder en korrekte taal (vgl. bylae 2a en b, no. 2.18).

Teen die agtergrond van die voorgaande is dit des te meer opvallend dat daar volgens respondente ongeveer ewe veel van Engelse as van Afrikaanse handboeke gebruik gemaak word by die onderrig van eerstejaarstudente. In die geval van 23% respondente (departement Engels uitgeslote) word slegs Engelse handboeke by die onderrig van eerstejaarstudente gebruik (vgl. bylae 2a en b, no. 2.15).

Aangesien dit duidelik is dat eerstejaarstudente ernstige probleme ondervind met die gebruik van Engelse handboeke moet dit as 'n moontlike bydraer tot swak akademiese prestasie nie uit die oog verloor word nie.

#### 6.6.9 VOOGDOSENTSTELSEL

Die meerderheid (60,5%) voogdosente is van oordeel dat die voogdosentstelsel 'n baie goeie doel dien. Die orige 39,5% respondente bevraagteken die werklike waarde van die stelsel (vgl. bylae 2a en b, no. 2.20). Slegs 26,8% van die respondente wat self voogdosente is, dink dat die stelsel tans baie geslaagd is. Bykans 73% van die respondente wat voogdosente is, is van mening dat die stelsel nog baie verbeter moet word (vgl. bylae 2a en b, no. 2.21). Die ernstigste probleme wat in die huidige stelsel aangedui word, is dat die studente ná die aanvanklike ontmoetings gedurende die oriënteringstydperk hul afsprake met voogde nie nakom nie, dat hulle selde op eie inisiatief hul voogde opsoek en dat te veel studente aan 'n voog toegewys word (vgl. bylae 2a, no. 3.8).

#### 6.6.10 TOELATINGSVEREISTES

Die oorgrote meerderheid respondente (79,3%) is ten gunste van besondere minimumtoelatingsvereistes tot hul departemente. Slegs 15,3% respondente is daarteen (vgl. 4.5.2 en bylae 2a en b, no. 2.22).

#### 6.6.11 INHOUD EN OMVANG VAN EERSTEJAARSKURSUSSE

Meer as die helfte van die dosente het laat blyk dat die hoeveelheid werk (inhoud) van die studiekursusse vir eerstejaars in hul vak die afgelope vyf jaar toegeneem het; 17% het benadruk dat

die inhoud baie toegeneem het (vgl. bylae 2a en b, no. 2.23).

Hierdie faktor, as moontlike oorsaak vir swak prestasie, moet sekerlik nie uit die oog verloor word nie.

#### 6.6.12 FAKTORE WAT VOLGENS DOSENTE AKADEMIESE PRESTASIE VAN EERSTEJAARS NEGATIEF BEINVLOED

In afdeling 3 van die vraelys aan dosente (die oop afdeling) is dosente gevra watter faktore volgens hul oordeel 'n negatiewe invloed op studente se akademiese prestasies het (vgl. bylae 2a, no. 3.1).

Die volgende tien faktore is dié wat die meeste deur dosente genoem is (die aantal dosente wat die betrokke saak as faktor genoem het, word in hakies aangedui):

6.6.10.1 Die swak studie-atmosfeer wat in die universiteitskoshuise en veral manskoshuise heers, gekenmerk deur lawaai gedurende normale studietye, onderbrekings van studie veroorsaak deur studente wat nie studeer nie, ensovoorts (71).

6.6.10.2 Weens die feit dat so baie studente motors het, is daar baie eerstejaars wat feitlik elke naweek van die universiteit af weggaan. Baie studente ry Vrydagoggend en kom Sondagaand of selfs Maandagoggend terug. Die studietyd word dus tot net vier dae per week beperk (69).

6.6.10.3 Karnaval. Baie dosente benadruk dit dat karnaval baie studente en veral eerstejaars 'n volle week uit die werk hou (69).

6.6.10.4 Sport. Baie dosente beskou sport self nie as 'n belemmering nie, maar eerder die klem wat op sport geplaas word. Die indruk word selfs geskep dat die universiteitsowerheid soms geneig is om aan sport voorrang bo akademiese sake te gee (50).

6.6.10.5 Die algemene nie-akademiese gees wat op die PU vir CHO se kampus heers. Eerstejaars land hier aan en hul eerste kennis-

making tydens oriëntering word oorheers deur sosiale bedrywighede en inlywing in die studentelewe, terwyl hulle nie ten volle tot die besef van die belangrikheid van akademiese werk gebring word nie. Hierdie gees duur dan voort tot in 'n stadium dat toetsuitslae bekend word - vir baie egter reeds te laat (46).

6.6.10.6 Die baie sosiale bedrywighede. Daar is oorvloedige interaksies soos intertees, interontbyte, "sêr"-bedrywighede, ensovoorts en normaalweg moet die eerstejaars al hierdie bedrywighede bywoon (44).

6.6.10.7 Intervarsity en die gepaardgaande uitgerekte "geesvang" (42).

6.6.10.8 Die, volgens die dosente, "oorgeorganiseerde" studentelewe. Daar is baie bedrywighede waaraan studente kan deelneem (40).

6.6.10.9 Ontgroening onder die dekmantel van inlywing en wat tot laat in die jaar voortduur (35).

6.6.10.10 Verpligte bywoning van vergaderings en ander verpligtings wat eerstejaars opgelê word (31).

#### 6.6.11 VOORSTELLE VAN DOSENTE TER VERBETERING VAN AKADEMIESE PRESTASIES VAN EERSTEJAARSTUDENTE

Op die vraag: "Wat kan u aan die hand doen om akademiese prestasies van veral eerstejaars te verbeter" (vgl. bylae 2a, no. 3.7), het dosente in die oop afdeling van die vraelys die volgende menings gelug:

6.6.11.1 Kleiner klasse om só onderrig en persoonlike kontak te verbeter (66).

6.6.11.2 Strenger toesig in die universiteitskoshuise asook die daarstelling van reëls om studie-omstandighede te verbeter (63).

6.6.11.3 Keuring van eerstejaars deur die daarstelling van strengere toelatingsvereistes (59).

6.6.11.4 Gereelde toetse dwarsdeur die akademiese jaar om eerstejaars te dwing om konstant te werk (52).

6.6.11.5 Meer persoonlike kontak tussen dosent en student en persoonlike belangstelling van dosente se kant in die wel en weë van studente (44).

6.6.11.6 Spesiaal uitgesoekte, bekwame dosente moet vir eerstejaarstudente klas gee (40).

6.6.11.7 Die lesings van dosente moet aanpas by die eerstejaars. Dosente moet in gedagte hou watter onderrigmetodes op skool gevolg is sodat daarby aangesluit kan word (34).

6.6.11.8 Die afskaf van ontgroening (24). Heelwat dosente beweer dat eerstejaars die eerste week of twee so vaak in die klasse is dat die lesings vir hulle niks beteken nie.

6.6.11.9 Beter doseerwerk deur dosente (23).

6.6.11.10 Sterker motivering van eerstejaars om beter te presteer (20).

6.6.11.11 Die instelling van semesterkursusse (16).

6.6.11.12 Die verskaffing van kernaantekeninge aan eerstejaars (13).

6.6.11.13 Toetse op Saterdagoggende om s6 die akademiese week vir eerstejaars te verleng (12).

## 6.7 SAMEVATTING

6.7.1 In hierdie hoofstuk is eerstens die kansellasiesyfer vir eerstejaarstudente aan die PU vir CHO oor die tien-jaar-tydperk 1966 - 1975 ontleed.

Dit blyk dat 11,2% eerstejaarstudente in dié tydperk voor die jaarlikse eindeksamen hul studies gestaak het.

'n Hoër gemiddelde persentasie manseerstejaarstudente (13,9%) het hul kursusse gekanselleer as wat die geval met dameseerstejaarstudente (8,6%) was.

Daar het ná 10 Junie van elke jaar meer kansellasies voorgekom as wat die geval voor 10 Junie was.

6.7.2 Die akademiese prestasies van heeltydse eerstejaarstudente aan die PU vir CHO vir die tydperk 1966 - 1975 sien opgesom soos volg daar uit:

- \* Die gemiddelde slaagsyfer vir bogenoemde tydperk was 66,9%. Die druipsyfer van 33,1% sluit alle kansellasies in.
- \* Dit het geblyk dat die dameseerstejaarstudente se gemiddelde slaagsyfer (74,4%) oor die dekade heen baie hoër was as dié van manseerstejaarstudente (59,2%).
- \* Koshuisinwonende eerstejaarstudente het oor die tydperk heen betreklik beter geprester as nie-koshuisinwonende eerstejaars.
- \* Die hoogste gemiddelde slaagsyfer in 'n fakulteit in hierdie tydperk het voorgekom in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte (75,3%) en die laagste gemiddelde slaagsyfer het voorgekom in die fakulteit Natuurwetenskappe (57,5%).
- \* 'n Opvallende verskynsel oor die tien-jaar-tydperk heen is die groot fluktuasies wat voorkom in die persentasie eksamensukses van jaar tot jaar in elke fakulteit en in die universiteit as geheel.

6.7.3 Gedurende 1976 is spesiale pogings aangewend om akademiese prestasies van eerstejaarstudente te verbeter. Om dié rede is die akademiese prestasies van eerstejaarstudente van 1976 met dié van vorige jare vergelyk en die volgende is gevind:

- \* Alle fakulteite, uitgesonderd Ekonomiese Wetenskappe, se eerstejaarslaagpersentasie was in 1976 in 'n mindere of meerdere mate hoër as die gemiddelde vir die vorige vyf jaar. In die universiteit as geheel het 1,9% meer eerstejaarstudente as die gemiddeld vir die vorige vyf jaar geslaag.
- \* Eerstejaarmanstudente het in 1976 akademies beter gevaar as die gemiddeld vir die vorige vyf jaar. Groot verbeterings het voorgekom by manstudente in die fakulteite Natuurwetenskappe (14,4%), Regte (10,2%) en Lettere en Wysbegeerte (6,7%). Damese eerstejaarstudente het in 1976 nie noemenswaardig beter gevaar as wat die geval die vorige vyf jaar was nie. Die fakulteit wat vir 1976 die grootste verbetering in slaagsyfer getoon het in vergelyking met die vorige vyf jaar was die fakulteit Natuurwetenskappe (8,3%).
- \* Die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe se eerstejaarslaagsyfer was in 1976 aanmerklik laer (7,2%) as wat die gemiddelde vir die vorige vyf jaar was.
- \* In die algemeen het 'n groter persentasie eerstejaarstudente (3,8%) in 1976 as in die verlede hul studies ná 10 Junie gestaaak.

6.7.4 Om moontlike redes vir swak akademiese prestasies van eerstejaarstudente te vind is eerstejaarstudente en dosente van 1976 aan die PU vir CHO gevra om vraelyste te beantwoord. Uit die gegewens hieruit verkry, oor die didaktiese opset van eerstejaarstudente, het dit geblyk dat daar baie voortreflikhede in die akademiese opset aan die PU vir CHO is. Dit het naamlik onder meer geblyk dat:

- \* eerstejaars groot waardering het vir die hulpvaardigheid van dosente as laasgenoemde om hulp genader word;
- \* eerstejaars, op enkele uitsonderings na, tevrede is met die wyse waarop dosente klas gee;

- \* klasbywoning in die algemeen streng gekontroleer word;
- \* daar in die reël lank voor die tyd kennis gegee word van toetse, die toetse meestal volgens memorandum nagesien word, aan studente teruggehandig en die puntetoekenning met die studente bespreek word; en
- \* die werkstukke in die reël deeglik nagesien word.

Daar is nog vele ander positiewe sake wat in hierdie verband genoem kan word. Aangesien hierdie ondersoek egter veral daarop gerig is om moontlike oorsake van swak prestasies by eerstejaarstudente te vind, val die soeklig dus eerder op leemtes in die didaktiese opset. Die indruk moet egter nie ontstaan dat die leemtes oorheersend is nie - die eerstejaarstudente het ook duidelik laat blyk dat hul vernaamste probleme nie in die klaskamers geleë is nie. Die volgende leemtes het na vore getree:

- \* Sommige eerstejaarstudente het 'n baie groot aantal dosente wat hulle onderrig. Dit kan tot verwarring lei. So byvoorbeeld meld 12% respondente dat vyftien of meer dosente teoretiese werk aan hulle doseer.
- \* 'n Groot aantal eerstejaarklasse is baie groot; 42% van die dosente wat aan eerstejaars klas gee het gemeld dat hulle grootste klasgroep eerstejaars uit meer as 80 studente bestaan.
- \* Uit die responsies van eerstejaarstudente blyk dat daar baie in klasse gedikteer word.
- \* Ongeveer die helfte van die PU-dosente weet nie hoe hul doseervermoëns beoordeel word nie.
- \* Daar is 'n aantal departemente waarin nie pogings aangewend word om didaktiese leiding aan onervare dosente te gee nie.
- \* Baie min departemente het die doeleindes wat met die onderrig van hul vakke beoog word op skrif. In enkele departemente is

ook nie mondeling oor doeleindes ooreengekom nie.

- \* In die algemeen word baie min van hulpmiddels gebruik gemaak deur dosente wat aan eerstejaars klas gee.
- \* Dosente glo en eerstejaarstudente onderskryf dit dat eerstejaarstudente in die algemeen groot probleme daarmee ondervind om Engelstalige wetenskaplike werke met insig te lees. Dit blyk egter dat in baie departemente slegs, of uitsluitlik, Engelse handboeke vir eerstejaarstudente voorgeskryf word.
- \* 30% Eerstejaarstudente het gemeld dat daar in verskillende van hul vakke aan die begin van die jaar - soms vir etlike weke - nie handboeke beskikbaar was nie.
- \* 'n Aantal dosente hou nie verslag van die gemiddelde persentasie wat deur studente in toetse behaal word nie en veral nie in die Novembereksamen nie.
- \* 50% van die dosente meld dat die omvang van die eerstejaarswerk in hul vak die afgelope vyf jaar toegeneem het.
- \* Heelwat eerstejaarstudente maak onvoldoende van die biblioteek gebruik en hoewel daar gedurende die oriënteringstydperk voorligting aan hulle gegee is ten opsigte van biblioteekgebruik is daar 'n groot aantal eerstejaars wat laat blyk het dat hulle nie weet hoe om bronne in die biblioteek op te spoor nie.

6.7.5 Ander bevindinge, wat verkry is uit die responsies van eerstejaarstudente en dosente, wat lig op oorsake van swak akademiese prestasies van eerstejaarstudente kan werp, is die volgende:

- \* 82,2% eerstejaarresponente het standerd 10 met volle vrystelling geslaag, 11,5% sonder vrystelling en 7,5% voorwaardelik. Dit blyk dat 'n groot aantal eerstejaars met twyfelagtige akademiese potensiaal by die PU vir CHO inskryf. As skoolprestasie as maatstaf vir akademiese prestasie op universiteit geneem word, het 'n groot aantal studente van die begin af 'n geringe

kans om te slaag. 'n Groot deel van die kansellasies wat voorkom, kan waarskynlik toegeskryf word aan studente wat voorwaardelik ingeskryf het en later genoodsaak was om studies te staak omdat hulle nie in standerd 10 geslaag het nie.

- \* Fakulteitsgewys trek die fakulteit Natuurwetenskappe die hoogste persentasie studente wat onderskeidings op skool behaal het, die kleinste persentasie studente wat swak simbole behaal het en wat voorwaardelike vrystelling het. Die fakulteit Opvoedkunde is, wat bogenoemde opsigte betref, die swakste daaraan toe.
- \* Dameseerstejaarrespondente het op skool reeds in die algemeen akademies beter gepresteer as manseerstejaarrespondente.
- \* Die voogdosentstelsel funksioneer, in 63% respondente se geval, net gedurende die oriënteringstydperk.
- \* Die kerkbesoek van eerstejaarstudente en hul kontak met hul predikante en ouderlinge is in die algemeen goed. Daar is nogtans 'n hele aantal eerstejaarstudente wat met ernstige religieuse en filosofiese probleme worstel.
- \* Die hoofrede waarom studente na die PU kom, is geografies. Ander belangrike oorwegings is die Christelike karakter van die PU en die feit dat die studierigting van hul keuse slegs aan die PU vir CHO aangebied word.
- \* Baie eerstejaars (18%) het motors tot hul beskikking.
- \* Ongeveer die helfte van die eerstejaarstudente bring naweke elders deur. Gedurende sodanige naweke word baie min gestudeer.
- \* Eerstejaars wat naweke op Potchefstroom deurbring, studeer in die algemeen ook min op Saterdag.
- \* Gedurende die week van karnaval studeer eerstejaars baie min; slegs 9% studeer in die week van Maandag tot Donderdag normaal.

weg.

- \* Inlywing gaan grootliks ná die ontheffingsdinee voort.
- \* Die meerderheid eerstejaarstudente is ten gunste van inlywing soos tans, maar versoek dringend dat die inlywing ná die ontheffingsdinee beëindig moet word.
- \* Beter voorligting sal volgens baie eerstejaarstudente tot akademiese sukses bydra. Meer as die helfte van die respondente is nie tevrede met hul vakkeuses nie en 44% van die respondente is nie bewus van die geriewe wat die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing aan hulle bied nie. Slegs 32% van die respondente het voorligting ontvang by 'n amptelike voorligtingsinstansie voordat hulle geregistreer het.
- \* Eerstejaarstudente se studierooster word grootliks deur hul toetsrooster bepaal.
- \* Die studie-atmosfeer en -geleentheid in die koshuise (vernaamlik die manskoshuise) is, volgens die inwoners, swak in vergelyking met ander verblyfplekke.
- \* 14% Respondente het gemeld dat hulle graag aan 'n ander universiteit wou studeer as hulle weer die geleentheid kon kry om te kies.
- \* Eerstejaarstudente bepleit, naas die beëindiging van die inlywing ná die ontheffingsdinee en beter voorligting, veral die volgende ter verbetering van hul aanpassing en akademiese prestasie:

Die afskaf van verpligte bywoning van aksies deur eerstejaars.  
Bepaling van vaste studietye wat in die koshuise gehandhaaf moet word.

Geleideliker oorskakeling van die werkwyse van die skool na dié van die universiteit, veral wat die tempo van leerstofaanbieding betref.

Gereelde toetsing dwarsdeur die akademiese jaar en beginnende so vroeg as moontlik in die jaar.

Meer persoonlike kontak met dosente.

Voorsiening van Afrikaanse handboeke in alle vakke.

In die volgende hoofstuk word ook die tweede- en derdejaars betrek in 'n vraelysondersoek ten einde 'n globale beeld van die voorgraadse akademiese produktiwiteit van die universiteit te verkry en om moontlik meer besonderhede te bekom oor belemmerende faktore in dié verband.